Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers


# Onderwysersgids

## Vlerke vir almal

**Marion Erskine**

**Human & Rousseau, 2017**

**LET WEL:** Hierdie gids is slegs bedoel vir gebruik saam met die eerste, gewone uitgawe van die roman *Vlerke vir almal* (Human & Rousseau: Eerste druk 2017, Tweede druk 2019). Enige bladsynommers waarna verwys word, sal slegs ooreenstem met hierdie uitgawe.




Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **Graad 11 Eerste Addisionele Taal** as hooffokus en volgens die riglyne van die KABV uiteengesit. Dit sou egter ook bruikbaar wees as 'n gids vir jonger leerders en huistaal-leerders.

Waar Eerste Addisionele Taal-onderwysers die hele verskeidenheid vrae en aktiwiteite kan benut, sal Huistaal-onderwysers sekere aanpassings moet maak met betrekking tot die moeilikheidsgraad van sekere vrae. Indien die gids vir ander grade as graad 11 gebruik word, is dit die onderwyser se verantwoordelikheid om die relevante rubrieke te gebruik.

Hierdie gids is saamgestel deur **Hettie van Zyl**.

**Inhoudsopgawe**

**Afdeling A: Pre-lees**

1. Inleiding tot die studie van ’n roman
2. Die verhaal in ’n neutedop
3. Die titel
4. Biografiese besonderhede van die skrywer
5. Literêre begrippe in die roman
    - 5.1 Dialoog (en perspektief)
    - 5.2 Handeling
    - 5.3 Die verteller
    - 5.4 Intrige
    - 5.5 Botsing/konflik
    - 5.6 Verteltyd en vertelde tyd
    - 5.7 Milieu – tyd en ruimte/plek
    - 5.8 Taalgebruik
    - 5.9 Tema of boodskap
    - 5.10 Beelde/motiewe
    - 5.11 Simboliek
    - 5.12 Die bou van die roman
    - 5.13 Karakterisering
    - 5.14 Ironie

**Afdeling B: Lees**

***Vlerke vir Almal* deur Marion Erskine**

**Afdeling C: Post-lees**

1. Formele assessering : Riglyne vir die beantwoording van kontekstuele vrae
2. Kontekstuele vrae per hoofstuk
3. Konsepvraestel
4. Mondelinge en skriftelike aktiwiteite vir verryking (opsioneel)

5. Glossarium van literêre begrippe
6. Woordverklarings
7. Memorandum

**Bronnelys**

## Afdeling A: Pre-lees

### 1. Inleiding tot die studie van ’n roman

#### Die roman as genre

’n Roman word in prosa (volledige sinne) geskryf en vertel ’n lang storie wat gewoonlik in hoofstukke verdeel is en in ’n verhoogde spanningslyn aangebied word. In die meeste romans is daar ’n sentrale tema. Daar is ook sub-temas en herhalende motiewe wat die hooftema ondersteun.

Die roman is gewoonlik op ’n sekere teikengroep gemik. In *Vlerke vir almal* is die teikenleser veral jongmense, omdat dit ’n jeugroman is. Maar omdat dit ’n verskeidenheid temas dek, kan volwassenes of enige iemand wat geboelie word, baat vind by die lees van die roman.

Die belangrikste elemente van die roman is:

- die karakters
- die gebeure of intrige
- die milieu

#### Karakters

Mense of diere kan karakters in ’n verhaal wees. Hulle doen dinge en beleef emosies. Alle karakters is nie almal ewe belangrik nie en daar word tussen hoofkarakters en bykarakters onderskei. Hoofkarakters word dikwels ronde karakters genoem. Hierdie karakters word deeglik beskryf en ontwikkel. Die leser leer ken hierdie karakters goed en beleef hulle lotgevalle (gebeure, probleme, avonture) saam met hulle. Bykarakters of newe-karakters word nie so volledig beskryf nie en bly meer op die agtergrond. Hulle is plat karakters. Hulle kan bydra tot die ontwikkeling van die hoofkarakter.

Die skrywer kies ’n verteller om die verhaal te vertel. Hierdie stem sê wat gebeur, hoe die ruimte lyk, en beskryf die karakters. Die skrywer is nie gewoonlik die verteller nie, tensy dit ’n outobiografiese verhaal is. Die verteller skep die ruimte waarin die verhaal afspeel, vertel

hoe tyd in die verhaal verloop en gee op verskillende maniere vir die leser insig in ’n karakter se gevoelens en waarnemings.

**Gebeure**

Gebeure is al die handeling, emosies en denke in die verhaal. Die manier waarop gebeure op mekaar volg, word fyn deur die skrywer beplan sodat die leser die karakters kan leer ken. Verder word dit ook gebruik om die spanningslyn in die verhaal te versterk en die leser geïnteresseerd te hou.

Die roman wek die indruk dat die verhaal op realistiese gebeure gegrond is en dit word op ’n geloofwaardige manier aangebied. Meestal is ’n roman egter fiktief en ’n produk van die skrywer se verbeelding. Fiksie bied die leser ’n unieke blik op die lewe en die geleentheid om sekere aspekte van die lewe te bevraagteken en te verstaan.

**Milieu**

Die milieu is die **tyd** (wanneer en vir hoe lank), **ruimte** (die plek of plekke waar die storie plaasvind) en **agtergrond** (geskiedkundige tydperk en omstandigheid) waarteen die verhaal afspeel.

In *Vlerke vir almal* maak die skrywer van twee storielyne gebruik. Die hede en terugflitse word afwisselend gebruik om die storie te vertel. Die funksie van die terugflitse in hierdie roman is om agtergrond te gee oor die hoofkarakter en die rede vir sy innerlike konflik. Die twee storielyne is egter van mekaar afhanklik en moet as ’n eenheid gesien word. Die skrywer gebruik die uitsteltegniek om die leser aan die raai te hou en dwing hom of haar om verder te lees.

## 2. *Vlerke vir almal*: Die verhaal in ’n neutedop

Dewald Myburgh is ’n sewentienjarige seun wat op Oukersaand wreed ontnugter en geskok word omdat sy boesemvriendin, Nicola, selfdood pleeg. Hy verstaan nie waarom sy hom nie om hulp genader het nie en weier om haar dood te aanvaar. As gevolg van sy traumatiese ervaring, ontwikkel hy ’n skielike spraakprobleem – hy begin hakkel as hy praat. Sy ouers

besluit om hom in ’n nuwe skool te plaas sodat hy ’n nuwe begin kan maak en die trauma van Nicola se dood kan verwerk. Later vind hy uit waarom Nicola haarself met ’n gordel (belt) opgehang het. Die skoolsielkundige, Bert Visser, ondersteun vir Dewald en probeer hom help om Nicola se dood te aanvaar en oor sy hakkelprobleem te kom.

Dewald kry op die eerste dag by sy nuwe skool met ’n boelie, Aldi Lotter, te doen. Hy laat egter nie toe dat sy hom intimideer nie. Hy verdien die respek van almal in die skool en word vriende met Andries, Karlien en Nomaswazi. Die vier vriende begin ’n projek genaamd *Schmetterling*, ’n ondersteuningsnetwerk teen boelies. Aldi haat vir Dewald en sy veroorsaak dat Dewald se ma haar werk verloor. Andries blaker alles op *Schmetterling* se forum uit. Dit veroorsaak dat Aldi deur al haar vorige slagoffers geteiken word.

In ’n poging om die skade wat Andries op *Schmetterling* veroorsaak het reg te stel, probeer Dewald om met Aldi by haar huis te gaan praat. Dinge werk egter nie uit soos wat hy beplan het nie en konflik ontstaan. Dewald struikel, val met sy kop op die sementpaadjie en beland in die hospitaal. Dan verdwyn Aldi.

Na sy ontslag uit die hospitaal lewer hy ’n toespraak oor *Schmetterling* en doen ’n beroep op almal om te help om vir Aldi op te spoor. Dewald en Karlien besoek Nicola se graf en hy vind berusting nadat hy met Nicola “gepraat” het.

## 3. Die titel

Die woord “vlerke” in die titel, *Vlerke vir almal*, dui op **vryheid** of om te **vlieg**. Die titel suggereer dat **almal** kan vlieg en dat hulle vry behoort te wees. Dit sluit alle mense op aarde in, maar veral die mense wat ontneem is van Vryheid, of van hulle “vlerke”. Dit is hulle – die “**afvlerk-voëltjies**” in die wêreld – wat weer moet leer om te vlieg.

Die skrywer van die roman, *Vlerke vir almal*, het ’n video van Amanda Todd, ’n Kanadese tiener, op YouTube gesien. Sy is geboelie en dit het haar gedryf om haar eie lewe te neem. Die video het hom inspireer om die roman te skryf sodat almal kan weet watter vernietigende invloed ’n boelie op ander mense kan hê. In die roman is ook raad teen boelies wat slagoffers kan help om hulle vryheid terug te wen.

Op die voorblad van die roman is ’n uitbeelding van ’n seun met die **vlerke van ’n skoenlapper**. ’n Skoenlapper is koudbloedig, daarom moet hierdie insek ’n ander hittebron gebruik om sy bloed warm te maak voordat hy kan vlieg. ’n Skoenlapper sal daarom in die son sit om warm te word voordat hy kan vlieg. Die titel dui nie net op vlerke nie, maar indirek op die **hittebron** wat help dat hulle kan vlieg. Hierdie hittebron is die mense, soos Dewald, die hoofkarakter van die roman, wat omgee en help dat almal wat seergekry het, weer kan vlieg.

Die simbool van die skoenlapper kom deurgaans in die roman voor en ondersteun die titel. Nicola noem vir Dewald “Schmetterling”, die Duitse woord vir “skoenlapper”. Nicola kry ook ’n **skoenlapper-tatoeëermerk**. Met die tatoeëermerk kry sy simbolies vlerke om te vlieg en probeer sy vryraak van haar ouers se oordeel en haar eie onsekerheid oor haar identiteit. Sy vrees dat iemand sal uitvind van haar seksuele oriëntasie. Die kuberboelie, Yolandi, dryf haar dan daartoe om haar eie **vlerke te knip** en selfdood te pleeg.

Ten spyte van Dewald se spraakprobleem en die feit dat hy later self deur Aldi geboelie word, is dit juis hy **wat vir ander vlerke gee**. Hy leer vir Nomaswazi, in Hoofstuk 7, dat ’n skoenlapper van nature weet hoe om te vlieg. Daardeur motiveer hy haar om haar leerlinglisensie met vlieënde vaandels te slaag.

***Schmetterling***,’n anti-boelie ondersteuningsnetwerk, word deur Dewald en sy vriende gestig sodat almal wat geboelie word weer **hoop vind en vry** kan voel. Die wagwoord van *Schmetterling* is “vl13g” (vlieg). Die simbool is ’n skoenlapper en die handgebaar, wat ’n **fladdering van vlerke voorstel**, motiveer almal om te vlieg. Hierdie handgebaar help ook vir Dewald om vir die eerste keer **vry te raak van die verlede**. Wanneer hy voor ’n saal vol mense begin hakkel en sukkel om ’n toespraak te lewer, wys Karlien vir hom die handgebaar en almal volg haar voorbeeld. Dit gee Dewald die moed om, sonder om te hakkel, vir almal van Nicola se selfdood en die *Schmetterling*- projek te vertel. Hy sê dat *Schmetterling* “**’n veilige hawe geword het vir al die afvlerk-mense**.”

Dewald se besoek aan Nicola se graf in die slothoofstuk **bevry** hom van sy woede en skuldgevoelens oor haar selfdood. Die skoenlapper wat op Karlien se voorkop sit, toon dat Nicola haar as Dewald se meisie goedkeur en is ’n teken van **Nicola en Dewald se vryheid**.

## 4. Biografiese besonderhede van die skrywer

Marion Erskine is in Randfontein, Gauteng, gebore en het in Westonaria skool gegaan. Hy behaal sy B.A.-graad in 1998 aan die NWU. Hy het ná sy opleiding in die VSA getoer en ook in Taiwan skoolgehou. In 2008 het hy na Aboe-Dhabi in die Verenigde Arabiese Emirate verhuis en as adviserende dosent aan 'n nasionale skoolhervormings-projek gewerk. In 2014 het hy vir Emirates Lugredery begin werk en bevind hom tans in Dubai.

Tydens sy verblyf in Taiwan skryf hy 'n koffietafel-boek *Afro-dizzy-act: A potent adventure of a foreigner in Taiwan* en sy debuutroman, *Oos*. In 2007 was die roman *Oos* die naaswenner in die "*Ek is 'n skrywer*"-kompetisie. Die volwasse roman, *Donatello en Volksie*, volg in 2010.

Hy het al verskillende genres aangepak, onder andere 'n aantal radiodramas vir RSG. Die meeste van sy stories het 'n sterk "hartsaspek". Hy het 'n uitstekende skryfstyl en dwing die lesers op 'n subtiele wyse om selfondersoek te doen oor die kernboodskap van die roman.



Foto: Marion Erskine

## 5. Literêre begrippe in die roman

### 5.1 Dialoog (en perspektief)

Dialoog is die manier waarop mense deur middel van woorde met mekaar kommunikeer.

Die dialoog dra by tot karakterisering van die karakters. Dialoog is karakteropenbarend. Die leser kan aflei watter tipe persoon ’n karakter is en watter emosies die karakter ervaar, op grond van wat hy of sy sê. Die dialoog in ’n roman pas by ’n sekere situasie en dra by tot die intrige.

Omdat die verhaal uit Dewald Myburgh, ’n graad 11-leerling, se **perspektief** vertel word, is die dialoog kenmerkend van die alledaagse en informele tienertaal in die moderne eeu. Die dialoog van tieners is meestal gegrond op hulle agtergrond, die ruimte waarin hulle beweeg en die invloed van hulle ouers en vriende. Die leser kan aflei dat die tieners in hierdie verhaal ’n goeie agtergrond het en goed opgevoed is.

Uit die aard van sy posisie as skoolhoof, is meneer Bosman se dialoog met Meneer Visser en die leerlinge byvoorbeeld formeel. Die ander onderwysers en die ouers is professioneel en meer konserwatief as die leerlinge. Hulle dialoog is kenmerkend van hulle beroep, agtergrond en morele waardes.

**5.2 Handeling**

Handeling is dit wat die karakters doen en hoe hulle dit doen.

Die handeling van die tieners in die roman is instinktief en eie aan tieners wat deur ’n identiteitskrisis gaan. Hulle vind soms hulself, maar sommige raak die pad heeltemal byster. Nicole se handeling om haarself met die gordel (*belt*) op te hang, omdat sy verneder is deur ’n jaloerse en manipulerende kuberboelie, was instinktief en sy het die saak nie goed deurdink nie. Toe sy besef dat sy wil lewe en probeer om die gordel van haar keel af te kry, was dit ongelukkig te laat.

Aldi Lotter is die skool se boelie. Sy knou die ander kinders af, want sy is groter en sterker as hulle. Sy neem ook hulle geld af en dreig hulle. Dewald laat nie toe dat Aldi hom intimideer nie en weier om van die stoel af op te staan wat volgens Aldi, háár sitplek is. Hy verhoed ook dat Aldi ’n graadagtmeisie seermaak en Aldi neem wraak.

Sy en haar pa sorg dat Magdel Myburgh (Dewald se ma) haar werk verloor. Dewald stamp vir Aldi wanneer hy besef sy sit agter sy ma se afdanking en sy slaan hom met die vuis. Dewald voel skuldig omdat hierdie handeling nie eie aan sy karakter is nie. Aan die einde van die roman word die rede vir Aldi se handeling verklaar en Dewald kry haar jammer.

Baie tieners hou van aanraking en Nicola skroom nie om vir Dewald 'n piksoentjie te gee wanneer sy hom bedank nie. Net so is Nomaswazi bekend vir haar stewige drukkies wanneer sy haar vriende groet of bedank. Dewald het nie beplan om vir Karlien op die skool se rugbyveld te soen nie, maar dit voel vir hom soos die regte ding om te doen. Hy soen haar instinktief en beland sodoende in die moeilikheid by die skool, maar is nie spyt daaroor nie.

**5.3. Die verteller**

Die **skrywer** van 'n roman is die persoon wat die verhaal geskryf het, terwyl die persoon uit wie se oogpunt die verhaal vertel word, die **verteller** is.

Daar is drie soorte vertellers:

**Eerstepersoonverteller of ek-verteller (*first person narrator*)**

- 'n Eerstepersoonverteller is self 'n karakter in die verhaal – gewoonlik die hoofkarakter.
- Woorde soos 'ek', 'ons' en 'my' kom gereeld in die roman voor.
- Hierdie soort verteller skep die illusie van werklikheid en geloofwaardigheid.
- Vertellers van die soort gee net sy/haar eie gedagtes en ervarings weer. Die leser weet dus nie wat die ander karakters dink of wat hulle ervarings uit hulle eie perspektief is nie. Dit kan die spanning verhoog, wat tot voordeel van die verhaal is.

**Derdepersoonverteller (*third person narrator*)**

'n Derdepersoonverteller vertel die storie uit 'n eksterne perspektief en kan op drie maniere funksioneer:

- Die derdepersoonverteller staan heeltemal buite die verhaal. Die verteller verwys na karakters deur hul name of voornaamwoorde soos "hy", "sy" en "hulle" te gebruik. Die leser weet nie wat enige van die karakters se gedagtes of gevoelens is nie.
- Die derdepersoonverteller vertel die verhaal uit slegs een karakter se perspektief. Die leser weet wat daardie karakter dink en sien en voel, maar weet nie wat die ander karakters in die storie se gedagtes, gewaarwordinge en gevoelens is nie.
- Die **alomteenwoordige derdepersoonsverteller** kan die gedagtes, gevoelens en gewaarwordinge van al die karakters in die storie weergee en die leser kan agterkom wat in al die karakters se gedagtes aangaan. Die verteller is alwetend.

Die verteller in hierdie roman is die **eerstepersoons- of die ek-verteller**. Die eerstepersoonsverteller is een van die karakters in die verhaal. Die protagonis (hoofkarakter) , Dewald Myburgh, vertel die verhaal soos hy dit ervaar.

Die voordele van die eerstepersoonsverteller is:

- Dit maak die verhaal geloofwaardig.
- Die tipe verteller kan sy diepste emosies en gevoelens die beste beskryf.
- Dit betrek die leser by die verhaalgebeure.

Die nadele van die eerstepersoonsverteller is:

- Dié verteller weet nie wat die ander karakters dink of hoe hulle voel nie, omdat die verhaal net uit sy eie gesigshoek vertel word.

### 5.4. Intrige

Die intrige is die plan waarvolgens 'n verhaal ontwikkel. Dit is die manier waarop gebeure in die verhaal georganiseer is. In hierdie organisasie is die oorsaak en gevolg van gebeure belangrik. Ruimte, tyd, karakterisering, dialoog en konflik dra alles by tot die intrige van 'n roman.

Die hoofintrige van hierdie roman is Dewald Myburgh se stryd teen boelies, asook die *Schmetterling*-ondersteuningsnetwerk wat hy saam met sy vriende stig. Om die spanning te

verhoog en die leser enduit te boei, word Dewald en Nicola se vriendskap in die vorm van terugflitse aangebied.

Daar is twee storielyne, die terugflitse in die roman is die **oorsaak** van Dewald se huidige hakkel-probleem en die hoofstukke in die hede vorm deel van die **gevolge** daarvan. Die leser weet aan die begin van die roman nie wat die rede is waarom Dewald in ’n nuwe skool is en waarom Nicola selfdood gepleeg het nie.

In die eerste twee hoofstukke van die roman word die **karakters** en **milieu** waarin die karakters hulle bevind aan die leser voorgehou. In die grootste deel van die roman is van die karakters in konflik en die spanning neem toe. ’n Krisis ontstaan in Hoofstuk 17, want die leser weet nie of Dewald gaan oorleef nie. Uiteindelik oorwin die goeie wanneer Dewald sy spraakgebrek oorkom en vrede maak met die verlede.

Die **subintrige** is kleiner ondergeskikte situasies in die roman wat die hoofintrige ondersteun. Dit sluit aan by die tema en belig die karakters.

Voorbeelde van die subintrige is:

- Nicola se besoek aan die tatoeëersalon (Hoofstuk 2)
- Nicola vertel vir Dewald dat sy homoseksueel is (Hoofstuk 4)
- Mizel se troue (Hoofstuk 6)

### 5.5 Botsing/konflik

In elke roman is daar sentrale konflik. Dié konflik verteenwoordig die hoofkarakter se grootste probleem of struweling.

- **Uiterlike botsing** word gewoonlik met geweld, wapens, vuisgevegte, woordewisselings of selfs ’n deurborende kyk geassosieer.
- **Innerlike botsing** kom voor in die karakter se gemoed, wanneer ’n karakter wroeg oor ’n geestelike, emosionele of morele saak.

- **Botsing tussen die mens en sy omgewing:** 'n Karakter ervaar konflik as gevolg van 'n spesifieke ruimte of omstandighede waarin hy hom bevind. Voorbeelde hiervan is armoede, egskeiding, verslawing, boelies en mishandeling.
- **Botsing tussen die mens en die natuur:** Die mens kan in konflik wees met die natuur wanneer droogte byvoorbeeld 'n boer teister en veroorsaak dat die boer bankrot speel. Of as 'n jagter probeer op 'n olifant te skiet en hom net kwes. Die jagter kan dan deur die olifant doodgetrap word.

In hierdie roman ervaar die hoofkarakter, Dewald Myburgh, innerlike sowel as uiterlike konflik.

**<u>Dewald se innerlike konflik</u>**

Dewald ervaar innerlike konflik, want hy wroeg oor die rede vir Nicola se selfdood. Hy kan nie glo dat sy hom nie in haar vertroue geneem het toe sy, as gevolg van haar eie innerlike konflik, besluit het om selfdood te pleeg nie.

*"Waarom kon sy my nie vertrou het in haar laaste ure van nood nie?" rammel ek af. "Sy het altyd aangegaan oor wat ek vir haar beteken. Hoe ons saam oud word en resies jaag met ons rolstoele by die ouetehuis! Sy was selfsugtig. Sy't net aan haarself gedink! Ek sou haar kon ompraat. Sy sou na my luister. Maar sy't eerder gekies om haarself met daardie verdomde belt op te hang. Sonder 'n brief. Sonder 'n verduideliking. Stoksielalleen op Oukersaand.*

Ná Nicola se selfdood het Dewald hom onttrek, hy het nie na Nicola se begrafnis toe gegaan nie, skaars geëet en met niemand gepraat nie. Toe hy ná 'n week weer begin praat, het hy ontdek dat hy hakkel. Dit is eers toe die skoolsielkundige vir hom daarop wys dat hy van Nicola praat asof sy nog leef dat hy besef hy is steeds in ontkenning.

**<u>Dewald se uiterlike konflik</u>**

Uiterlike konflik in die roman kom voor in die vorm van woordewisselings, 'n fisiese bakleiery of 'n deurborende kyk. Die konflik tussen Aldi en Dewald is die vernaamste konflik in die roman.

- Die konflik ontstaan wanneer Dewald op die skoolboelie, Aldi Lotter, sê sitplek gaan sit en weier om te skuif. Juffrou Barkhuizen beveel vir Aldi om te gaan sit en die konflik word tydelik ontlont.
- Verdere konflik volg wanneer Dewald ’n graadagt-meisie uit Aldi se kloue red en sy hom dreig dat sy ma of pa hulle werk sal verloor.
- Deur Aldi se pa se toedoen verloor Dewald se ma haar werk en Dewald vertel vir sy vriend, Andries, dat hy glo dat Aldi die oorsaak daarvan is.
- Sy vermoede word deur Aldi self bevestig wanneer sy die volgende dag ’n snedige opmerking maak. Dewald stamp haar weg en sy takel hom met die vuis. Beide word vir ’n week geskors.
- In ’n poging om Aldi te laat boet, vertel Andries vir almal op *Schmetterling* se blad wat die rede vir die konflik tussen Aldi en Dewald is en dit veroorsaak dat almal haar terroriseer.
- Dewald besluit om vrede te maak en gaan na Aldi se huis. Hy sien hoe haar ma haar aanrand, slegsê en wegjaag.
- Hy besef dat Aldi nie na hom gaan luister nie en probeer wegkom toe sy hom sien, maar daar volg ’n konfrontasie en Dewald val met sy kop op die sementpaadjie.
- Aldi besef dat sy Dewald se dood kan veroorsaak en dra hom na die hospitaal. ’n Onbekende vrou help om hulle hospitaal toe te vervoer en Aldi verdwyn daarna spoorloos.
- Dewald vergewe nie net vir Aldi nie, hy doen tydens sy toespraak oor *Schmetterling* ’n beroep op almal om deur middel van sosiale media na Aldi te soek.

### 5.6 Verteltyd en vertelde tyd

Daar word onderskei tussen die verteltyd en vertelde tyd van ’n roman. Die **verteltyd** is die hoeveelheid bladsye waaroor die verhaal strek. *Vlerke vir almal* se verteltyd is **136 bladsye**.

Die **vertelde tyd** is die tydsverloop waarin die verhaal afspeel. Sekere geskiedkundige datums, soos Nelson Mandela se dood op 5 Desember 2013, help om die roman in ’n sekere

tydvak te plaas. Die terugflitse in die roman beslaan ses maande, vanaf Julie tot Desember 2013.

Die eerste hoofstuk van die roman begin met Dewald se eerste skooldag van sy graadelf- jaar in 2014. Dit is ongeveer van 15 Januarie tot na die helfte van die eerste kwartaal, iewers in Februarie 2014 of begin Maart.

Die **tydsverloop** van die verhaal verwys na die manier waarop die verhaal vertel word. Die verhaal word nie in die normale volgorde van tyd (chronologies) vertel nie. Die leser neem aanvanklik in elke tweede hoofstuk, tot by Hoofstuk 13, kennis van wat in die verlede gebeur het. Hierdie tipe tydsverloop word **achronologies of fragmentaries** genoem.

In *Vlerke vir almal* vorm die terugflitse en die hede saam die **vertelde tyd** van die roman. Die vertelde tyd in die roman is ongeveer **agt maande.**

### 5.7 Milieu – tyd en ruimte/plek

Die milieu is die **tyd** en **ruimte/plek** waarin die verhaal afspeel. In sommige romans word fiktiewe ruimtes geskep waar die karakter die intrige beleef. Die ruimte en tyd van die verhaal skep die agtergrond van die gebeure en wanneer bekende plekke gebruik word, is die verhaal meer realisties.

Daar word in *Vlerke vir almal* verwys na Johannesburg , maar aangesien Johannesburg ’n groot stad is, weet die leser nie presies in watter voorstad of skool in Johannesburg die intrige afspeel nie.

Die belangrikste ruimtes in die roman sluit in:

- Dewald se huis
- Nicola se huis
- Dewald se nuwe skool
- Die hoof se kantoor
- Mnr. Visser se kantoor

- Die skoolsaal
- Mnr. Visser se huis
- Aldi se huis
- Die hospitaal

**5.8 Taalgebruik**

Die taalgebruik in die roman is hoofsaaklik tipiese tienertaal. Tieners gebruik Engelse woorde soos: “coolste”, “gingers” en “charmer” saam met Afrikaanse woorde wanneer hulle praat. Hulle gebruik soms eiesoortige woorde of ’n kombinasie van Afrikaans en Engels, byvoorbeeld: “geliplock” en “gelipzip” om na ’n soen te verwys. Omdat Engels ’n internasionale taal is, is die verwysings na tegnologie soos, “Facebook”, “Twitter” en “QR-codes” ook alles in Engels en binne die konteks van die roman aanvaarbaar.

Figuurlike taal word deur die tieners gebruik om die kenmerke van ander karakters uit te beeld. Daar word na Aldi as ’n “reus” of ’n “draak” verwys, want sy is ’n groot en gewelddadige meisie. Dit is opvallend dat die tieners in dié roman hulle nie skuldig maak aan die oormatige gebruik van vloekwoorde nie. Nomaswazi gebruik die woord “ietermagog” as kragwoord wanneer sy skrikgemaak word en nie ’n kras vloekwoord nie.

Die ouers en onderwysers in die roman se taalgebruik is meer formeel.

**5.9 Tema of boodskap**

Die invloed van boelies en hoe om dit te voorkom is die sentrale tema in die roman. Die verhaal is opgedra aan Amanda Todd wat selfdood gepleeg het omdat sy, as gevolg van ’n boelie, nie meer kans gesien het vir die lewe nie. In die verhaal het Nicola weens ongeveer dieselfde rede selfdood gepleeg. Haar beste vriend, Dewald, kan glad nie haar dood verwerk nie en ontwikkel ’n spraakprobleem. Hy word in die nuwe skool self verbaal en emosioneel geboelie. Die *Schmetterling*-netwerk bied ondersteuning en raad vir almal wat geboelie word.

Die boodskap wat die roman wil oordra, is om almal wat geboelie word, te laat glo dat daar hoop is. Die boodskap aan boelies is duidelik: HOU OP OM MENSE TE BOELIE.

**5.10 Beelde / motiewe**

Elemente wat deurlopend in die verhaal voorkom, word motiewe of beelde genoem. Dit kan ’n voorwerp, ’n insident, ’n begrip of ’n formule wees. Hierdie motiewe of beelde ondersteun die tema.

Die belangrikste motiewe in hierdie roman is:

**Skoenlapper**

Skoenlappers is een van die belangrikste motiewe in die roman, selfs op die voorblad van die roman is ’n seun met skoenlappervlerke.

Nicola

- Nicola noem vir Dewald “Schmetterling”, die Duitse woord vir “skoenlapper”.
- Sy laat ’n tatoeëermerk van ’n skoenlapper op haar enkel aanbring. Dit laat haar aan Dewald dink.
- Die skoenlapper is haar “gunsteling gedierte”.
- Daar is ’n skoenlapper (die Keiser Swaelstert) op haar skootrekenaar se *wallpaper*.

Dewald

- Dewald se ma is van Duitse afkoms, daarom noem Nicola hom “Schmetterling”.
- Hy kies die naam van *Schmetterling*, die anti-boelie ondersteuningsnetwerk.
- Dewald ontwerp die embleem vir *Schmetterling*.
- Hy gebruik die skoenlapper om vir Nomaswazi te motiveer om haar leerlinglisensie te slaag. Hy skryf vir haar ’n motiveringsboodskap met ’n tekening van ’n skoenlapper op.

Schmetterling ("Skoenlapper" in Duits)

- *Schmetterling* is die naam van die anti-boelie ondersteuningsnetwerk wat deur Dewald, Andries, Karlien en Nomaswazi gestig word.
- Die embleem is 'n skoenlapper wat saam met die QR-kode op die kaartjies geplaas word om mense wat geboelie word te nooi om deel te wees van *Schmetterling*.
- Die forum se prent is 'n meisie met 'n blou skoenlapper op die punt van haar wysvinger, wat sy voor haar mond hou.
- Met die handpalms na onder gedraai en duime gekruis word beweging bewerkstellig om die skoenlapper na te boots. Die handgebaar vir *Schmetteling* is deur Karlien uitgedink.
- Die handgebaar word gebruik om Dewald te motiveer om sy toespraak oor *Schmetterling* te lewer.
- Die skoenlapper simboliseer hoop en lewe vir alle afvlerk-mense.
- Die United Wings toepassing het sy oorsprong in *Schmetterling*.

**Boelies**

Die korrekte woord in Afrikaans is "bullebak" of "afknouer". Die woord "boelie" is afgelei van die Engelse woord "bully". Sommige boelies put 'n behae daarin om kleiner, weerlose kinders op skool af te knou. Hulle pers hulle af deur hulle te dwing om hulle geld of besittings aan hulle af te staan. Ander boelies sal weer iemand verneder deur lelike dinge van die persoon te sê en dreig om iets aan die weerlose persoon of sy familie te doen. Bullebakke hou nie op om mense te boelie wanneer hulle die skool verlaat nie. Die gedrag duur voort ná skool en mense in gesagsposisies misbruik hulle status, teiken junior personeel en knou hulle emosioneel af. Navorsing het bewys dat boelies soms self geboelie word.

Die tragiese verhaal van **Amanda Todd** wat 'n video op YouTube geplaas het, voordat sy selfmoord gepleeg het, het die skrywer geïnspireer om *Vlerke vir almal* te skryf. Die skrywer het erken dat hy self ook vir jare geboelie is.

**Nicola Hanekom** word deur haar homoseksuele vriendin, Yolandi, geboelie en sleggesê op Facebook Messenger. Sy dreig om die "sexy" foto's wat Nicola vir haar gestuur het vir haar

ouers te stuur. Haar optrede breek Nicola se hart. As gevolg van dié kuberboelie pleeg Nicola selfdood.
Nicola se ma het haar ook emosioneel geboelie terwyl sy geleef het. Sy het haar altyd met haar suster, Mizel, vergelyk en vir Mizel opgehemel, terwyl sy vir Nicola afgekraak het.

**Aldi Lotter** is die grootse boelie op skool. Sy beveel die eerste dag van die nuwe kwartaal vir **Dewald Myburgh** om in die registerklas pad te gee van haar sitplek af, maar hy weier. Sy kyk vir Dewald vyandig aan wanneer die register-onderwyseres haar beveel om te gaan sit. Aldi boelie almal by die skool en almal vrees haar. Omdat haar pa ’n bekende en welaf persoon en die skool se grootste borg is, kry sy gewoonlik haar sin en dreig almal met haar pa se invloed. Sy slaan die seuns met die vuis en dwing die graadagts om vir haar geld te gee.

**Dewald** tree tussenbeide wanneer Aldi vir **Clarissa,**’n graadagtmeisie, boelie. Sy is smoorkwaad en sê dat sy ouers hulle werk kan verloor as gevolg van sy inmengery. **Magdel Myburgh** (Dewald se ma) word afgedank by die kleuterskool waar sy werksaam is, as gevolg van die druk (en invloed) van Aldi se pa op die hoof van die kleuterskool.

**Aldi word self deur haar ma geboelie en afgekraak**. Dit is waarskynlik die rede vir haar eie gedrag.

Die anti-boelie ondersteuningsnetwerk, ***Schmetterling***, gee hoop vir almal wat geboelie word en is ’n veilige hawe vir hulle.

**<u>Selfdood en dood</u>**

Daar is aanvanklik na die daad as “selfmoord” verwys, maar dit is later verander na “selfdood” omdat dit polities korrek is. “Self**moord**” dui op ’n misdaad, terwyl “self**dood**” impliseer dat die persoon self besluit om sy lewe te beëindig.

Mense pleeg selfdood wanneer hulle nie meer kans sien vir die lewe nie en hulle eie lewe neem. Hulle laat ’n groot leemte agter. Die persone wat agterbly, soek na antwoorde. Indien die oorledene nie ’n brief agtergelaat het nie, sal hulle geliefdes moontlik nooit die rede agter hulle besluit verstaan nie en hulleself kwalik neem. In Nicola se geval soek haar ma, Judy, na antwoorde.

Dewald het die krapmerke op Nicola se keel gesien toe die ambulans haar weggeneem het. Hy besef dat sy probeer het om die situasie om te keer, maar sy was reeds te swak en het gesterf. Yolandi, Nicola se vriendin, het haar tot selfdood gedryf en sal vir die res van haar lewe moet saamleef met die gedagte dat sy verantwoordelik was vir haar vriendin se dood.

Dit is gewoonlik vir geliefdes wat agterbly baie traumaties as iemand vir wie hulle lief is, selfdood pleeg. Dewald het vir ’n week skaars geëet en met niemand gepraat nie. Hy is ook nie na Nicola se begrafnis toe nie omdat hy nie haar dood wou aanvaar nie. Hy begin hakkel en wroeg oor die feit dat Nicola hom nie gekontak het om oor haar probleem te praat nie. Die skoolsielkundige, Bert Visser, wys hom daarop dat hy van Nicola praat asof sy nog leef en staan hom by om sy probleme te oorkom.

Dit is **ironies** dat Bert Visser, wat soveel kennis van sielkunde het, nie sy eie vrou kon help ná hulle seun se dood nie. Hulle seun, Ruan, het op sestien gesterf as gevolg van ’n mediese kondisie genaamd “Sudden Adult Death Syndrome”. Sy vrou kon nie haar seun se dood verwerk nie en het alle lus vir die lewe verloor. Judy, Nicola se ma, lyk ook lewensvoos en kyk met “twee dooie albasteroë” na Dewald.

Of dit nou natuurlike dood of selfdood is, die afsterwe van ’n geliefde is nooit maklik nie en laat letsels op die mense wat hy of sy agterlaat.

## **Musiek**

Nicola en Dewald het graag saam musiek geluister. Dewald begin oor die verlede praat omdat hy met die musiek waaroor Meneer Visser gesels, kan assosieer. Dewald kan met behulp van oorfone luister na musiek terwyl hy praat en ophou hakkel. Die lirieke van musiek stem jou tot nadenke en gee soms raad vir probleme wat jy ervaar.

## **Homoseksualiteit**

Dit is deesdae ’n alledaagse verskynsel as jy van dieselfde geslag hou. Nicola neem vir Dewald in haar vertroue en vertel aan hom dat sy “gay” is, maar sy is te bang om haar ouers daarvan te vertel.

**Verhoudings**

Daar is verskillende verwysings na verhoudings in die roman. Dit sluit in verhoudings met dieselfde of teenoorgestelde geslag; die verhouding tussen die ouer en die tiener; en verhouding tussen die leerling en die onderwyser, asook tussen die leerling en die skoolsielkundige.


**Ander motiewe en beelde in die roman is:**

Tienerprobleme
Die soeke na identiteit
Oorbeskermende of afwesige ouers
Die rol van die skoolsielkundige
Maak ’n verskil
Modelwerk
Kindermishandeling
Werkloosheid/ regstellende aksie
Mag en magsposisies
Manipulering
Wraak
Verlies
Die rol van tegnologie

### 5.11 Simboliek

Simboliek is wanneer simbole, woorde, kleure, tekens of voorwerpe gebruik word om ’n sekere begrip uit te beeld. ’n Kruis is byvoorbeeld die simbool van Christenskap en die kleur wit is weer simbolies van vrede. In hierdie roman word die **skoenlapper** en **Schmetterling** gebruik as ’n simbool van hoop en lewe.

**<u>Metamorfose van die skoenlapper</u>**



Die skoenlapper kan simbolies gelykstel word aan die mens, want die mens ondergaan ook ’n metamorfose of verandering van die dag waarop jy gebore word totdat jy sterf.

Tydens die **eier**-fase is almal identiteitloos, want daar kan nog nie ras of geslag aan die eier gekoppel word nie.

Die **larwe**-fase (jeug) begin by jou geboorte totdat jy ’n tiener word. In hierdie tyd leer die tiener nuwe dinge en ontdek lewenswaarhede.

In die **papie**-fase (ouer tiener) kan die ouer tiener of jong volwassene homself toespin omdat hy alleen wil wees. Die tiener kan omring word deur mense, maar steeds alleen voel. Hulle is ook selfbewus en fyngevoelig op hierdie stadium.

Dan breek die **skoenlapper**-fase (volwassene) aan. Die pragtige “skoenlapper” betree die volwasse wêreld, toegerus met kennis om probleme aan te pak.

In die roman verduidelik Dewald vir Nomaswazi dat ’n skoenlapper instinktief wéét dat hy kan vlieg. Sy sê dat sy die geloof van ’n skoenlapper gehad het en daarom kon sy haar leerlinglisensie slaag.

Ongelukkig is dit ook in hierdie fase wat baie tieners se vlerke reeds beskadig is of gebreek het en daarom sukkel hulle om te vlieg.

Nicola se tatoeëermerk van 'n skoenlapper kan simbolies dui op haar behoefte om vry te wees en te vlieg. Omdat sy vir Dewald "Schmetterling" noem, kan sy ook elke dag aan hom dink as sy daarna kyk.

Die **vlerke** in die titel dui daarop dat almal kan vlieg. Dit is dalk nodig dat iemand jou moet help om jou vlerke weer heel te maak en jou weer te leer vlieg. Die wagwoord vir *Schmetterling* is vl13g. Die syfers 13 staan in die plek van die "ie" van vlieg.

Dewald sien die skoenlapper wat op sy meisie, Karlien, se kop gaan sit wanneer hulle by die begraafplaas is, as 'n simbool van Nicola se goedkeuring en teenwoordigheid. Hy glo dat die skoenlapper 'n bewys is dat sy altyd vir hom sal uitkyk.

**Ander voorbeelde van simboliek in die roman**

Die **1990-Ford-stasiewa** dui simbolies daarop dat Dewald se konserwatiewe pa vasklou aan die verlede. Selfs die bynaam "Os" sluit hierby aan. Dit is asof die motor nog uit die tyd van die ossewa kom. "Os" is ook 'n simbool van besoedeling aangesien dit bolle rook uitblaas.

### 5.12 Die bou van die roman

Net soos die drama is daar 'n duidelike struktuur in die roman.
Die belangrikste elemente van die struktuur is:

- Eksposisie
- Motoriese moment
- Verwikkeling
- Krisis
- Hoogtepunt of klimaks
- Afloop

In die eerste paar hoofstukke neem die leser kennis van die agtergrond, die ruimte waarin die verhaal afspeel, en leer die karakters ken. Dit word die **eksposisie** genoem en strek van Hoofstuk 1 tot 2.

Die **motoriese moment** is die oomblik in die roman wanneer die handeling aan die gang gesit word en verdere gebeure veroorsaak. Hierdie insident kondig die begin van die belangrikste konflik aan wat in die boek gaan voorkom. Die motoriese moment is Dewald se **ontmoeting met die skoolboelie**, Aldi, en die konflik tussen hulle.

Die grootste gedeelte van die roman, Hoofstuk 3 tot 12, is die **verwikkeling** of **ontwikkelingsfase.** Gedurende hierdie fase gebeur verskeie dinge en verdere konflik vind plaas. Die skrywer lig nie die leser dadelik in wat die rede vir Dewald se hakkelprobleem is nie en die leser weet ook nie waarom Nicola selfdood gepleeg het nie. Dewald raak by die nuwe skool bevriend met Andries, Karlien en Nomaswazi en saam stig hulle die anti-boelie ondersteuningsnetwerk, *Schmetterling*, wat hoop gee vir die slagoffers van boelies. In hierdie gedeelte vind daar verskeie botsings of gevalle van konflik plaas. Die vernaamste hiervan is die herhaaldelike konflik tussen Dewald en Aldi.

Daar is verskeie **krisisse** wat bydra tot afwagting en die spanning verhoog. Dewald se ontdekking op Nicola se skootrekenaar in Hoofstuk 13 veroorsaak ’n **krisis**. Vir die eerste keer kan hy huil oor Nicola. Hy huil so hard dat sy ma in die kamer instorm om uit te vind wat aangaan, maar hy kan nie met haar praat nie en hardloop met die skootrekenaar na die skoolsielkundige, Mnr. Visser, se huis.

’n Nuwe krisis ontstaan wanneer Andries (Beesbal) op *Schmetterling* vertel dat dit Aldi en haar pa se skuld is dat Magdel Myburgh haar werk verloor het. Haar vorige slagoffers begin vir Aldi teiken met dreigoproepe en berokken skade aan hulle huis. Die **hoogtepunt of klimaks** van die verhaal is wanneer Dewald besluit om die saak met Aldi uit te klaar. Hy word tydens ’n konfrontasie met Aldi beseer en die leser wonder of hy gaan oorleef.

Die **afloop** van die roman begin wanneer die spanning afneem. Die konflik word ontlont en die frustrasie word opgelos in Hoofstuk 18. Dewald praat vir die eerste keer oor Nicola tydens sy toespraak oor *Schmetterling* en hy hakkel nie meer nie. Hy vergewe vir Nicola omdat sy nie na hom toe uitgereik het nie en ook vir Aldi wat hom geboelie het. Dewald se

besoek aan Nicola se graf en sy monoloog met die denkbeeldige Nicola is deel van die afloop van die verhaal. Dewald maak vrede met die verlede en sien kans om met sy eie lewe voort te gaan.

### 5.13 Karakterisering

***(Die foto's wat in hierdie gedeelte gebruik word, is geneem tydens die Woordfees van 2018 waar die verhaal as toneelstuk aangebied is.)***

**Karakterlys van die belangrikste karakters:**

**Die Myburghs**

Daniël (Dewald se pa)
Magdel (Dewald se ma)
Dewald

**Die Hanekoms**

Mnr. Hanekom (Nicola se pa)
Judy (Nicola se ma)
Mizel (Nicola se ouer suster)
Nicola

**Yolandi –** Nicola se kubervriendin

**Leerlinge by die skool**

Andries (Beesbal)
Nomaswazi (Nom-Nom of Noma)
Karlien (Dewald se meisie)
Aldi Lotter (die skoolboelie)
Clarissa (graadagt-meisie)
Zelda (graadnege-meisie, Andries se meisie)

**Onderwysers by die skool**

Mnr. Bosman (skoolhoof)
Mnr. Bert Visser (skoolsielkundige)
Juffrou Barkhuizen (registeronderwyser)
Juffrou Du Rant (Engels-onderwyser)

**Die Myburghs:**

Die Myburgh-gesin is baie lief vir mekaar en ondersteun mekaar deur dik en dun. Hulle is 'n voorbeeld van die gemiddelde Suid-Afrikaanse gesin wat naweke braai, verjaarsdae vier en

graag by die Spur uiteet. **Daniel Myburgh**, Dewald se pa, werk in die bank. Hy gee nie om wat ander mense van hom dink nie en ry met sy stokou 1990-Ford-stasiewa en weier om 'n nuwe motor te koop.



**Foto: Dewald, sy ouers en Nicola eet by die Spur.**

**Magdel Myburgh** is 'n kleuterskoolonderwyser en is voorheen afgedank weens regstellende aksie. Sy is 'n oorbeskermde ma en hanteer vir Dewald soos 'n klein seuntjie. Sy huil maklik en is onhandig met 'n selfoon. Sy bak vir hom 'n Spiderman-koek op sy sewentiende verjaarsdag en sit vir hom briefies in sy kosblik skool toe. Sy word 'n tweede keer afgedank by die nuwe kleuterskool, maar hierdie keer as gevolg van Aldi se wraak.

**Dewald** is die hoofkarakter in die roman, want die meeste gebeure in die verhaal fokus op hom en hy is teenwoordig in al die gebeure. Hy is in graad 11 en het van skool verander omdat hy groot trauma ervaar het in sy graad 10-jaar. Sy beste vriendin, Nicola Hanekom, het selfdood gepleeg en sy het nie vir Dewald in haar vertroue geneem en vertel van haar probleme nie.

*Ek kyk oor en oor na my foon. Nie een missed call nie. Nie een nie! Hoekom het sy my nie gebel nie? Ek sou sin in haar kop kon praat. Ek sou haar kon help. Maar Nicola het besluit om dit op haar eie te doen. Dalk was ek nie so belangrik in haar lewe soos ek gedink het nie.*

Dewald was so geskok dat hy begin **hakkel** het ná haar dood. Hy **ontken** dat sy gesterf het, want hy gaan nie na haar begrafnis toe nie en praat van haar in die teenwoordige tyd, asof sy nog leef. Sy ouers besluit dat dit beter vir hom sal wees in ’n nuwe skool. Die skoolsielkundige, Bert Visser, ondersteun vir Dewald by sy nuwe skool.

Dewald is **nie bang** vir die skoolboelie, Aldi Lotter, nie en **laat nie toe dat sy hom intimideer nie**, selfs al dreig sy dat iets met sy ouers sal gebeur. Dit is juis hierdie eienskap van hom wat hom inspireer om saam met sy nuwe vriende ’n anti-boelie ondersteuningsnetwerk, *Schmetterling*, te begin. Hy doen alles in sy vermoë om leerders **wat geboelie word te help**.

Wanneer hy uitvind waarom Nicola selfdood gepleeg het, vertel hy nie die volle waarheid aan haar ouers nie. Hy **bly lojaal** aan haar, want hy weet haar ouers sou nie haar homoseksualiteit goedkeur nie. Dewald is baie **impulsief**, hy raak verlief op Karlien en soen haar op die skoolterrein al weet hy dit is teen die skool se reëls.



**Foto: Dewald soen vir Karlien**

Dewald kan gewoonlik sy humeur beteuel, maar wanneer Aldi bevestig dat dit deur haar toedoen is dat sy ma haar werk verloor het, is hy woedend en stamp haar weg. Die geveg daarna veroorsaak dat albei geskors word, maar hy aanvaar sy straf.

Ten spyte van alles wat Aldi verkeerd gedoen het, is Dewald **vergewensgesind** en hy probeer die probleme wat Beesbal veroorsaak het, oplos. Aan die einde van die roman oorwin hy sy spraakgebrek en berus in Nicola se selfdood.

**<u>Die Hanekoms</u>**

Die Hanekoms is ryk en snobisties. **Nicola se pa** het ’n belangrike werk, verdien baie geld en is ’n afwesige ouer. Nicola se ma hemel altyd vir Mizel, haar ouer suster, op. Daarenteen kraak sy vir Nicola af. Dewald dink dat Nicola se ouers te “grand” is om in die Spur gesien te word.

**Nicola** leef in haar suster se skaduwee. Sy weet dat haar ouers nie sal toelaat dat sy ’n tatoeëermerk kry nie, maar sy **rebelleer** en doen dit in elk geval. Die skoenlapper-tatoeëermerk laat haar vry voel. Sy hou nie van duur geskenke nie. Sy erken teenoor Dewald dat sy homoseksueel (gay) is en dat sy ’n vriendin, Yolandi, op Facebook ontmoet het wat haar gelukkig maak. Sy steek dit vir haar ouers weg, omdat sy bang is dat hulle haar sal oordeel.



Foto: Nicola kry ’n skoenlapper-tatoeëermerk

**Judy Hanekom** is baie gesteld op haar status en vererg haar vir Nicola en Dewald wat grappies maak op Mizel se troue. **Mizel** het ’n sprokiestroue gehad en met ’n skatryk man getrou. Sy is selfgesentreerd en selfs van haar vriende het nie ooghare vir haar nie.

Nicola se selfdood skok haar hele familie en niemand weet waarom sy dit gedoen het nie. Wanneer tannie Judy Nicola se skootrekenaar (*laptop*) vir Dewald vat, lyk sy fisies en geestelik uitgeput. Sy kyk met “dooie albasteroë” na Dewald en hy kan sien hoe sy agteruit gegaan het as gevolg van die trauma van haar dogter se dood.

## Leerlinge by die skool

Dewald maak gou maats by die nuwe skool. **Andries Potgieter**, ook bekend as **Beesbal**, is sy eerste ware vriend en die grapjas in die klas. Hy is nie gepla oor Dewald se hakkelry nie en vra ook nie aanhoudend vrae oor die rede waarom Dewald in graad 11 na ’n nuwe skool gegaan het nie. Hy stel vir Dewald aan Karlien en Nomaswazi voor.



Foto: Karlien (heel links) demonstreer die skoenlapper-gebaar van Schmetterling.

**Karlien** is ’n pragtige blonde meisie met blou oë en is boonop intelligent. Karlien se pa het sy werk verloor en haar ma moet twee beroepe beoefen om die gesin te onderhou. Haar vierjarige boetie ly aan Down-sindroom en sy moet hom help versorg wanneer haar ma by die werk is. Sy doen ook modelwerk vir ekstra inkomste. Sy is ’n vegan en is baie gesteld op haar gewig omdat haar agent nie wil hê sy moet vet word nie.

**Nomaswazi** (**Nom-Nom**) is net so beïndruk soos haar ander vriende oor die manier waarop Dewald vir Aldi op haar plek gesit het. Dewald help haar om haar leerlinglisensie te kry en in haarself te glo. Sy het ’n innemende persoonlikheid en is bekend daarvoor dat sy lekker kan lag en harde drukkies uitdeel. Nomaswazi is die ywerigste kampvegter van die vier vriende wat die anti-boelie ondersteuningsnetwerk, *Schmetterling*, begin het.

**Aldi Lotter** is ’n lywige graadelf-meisie en die skool se boelie. Sy knou almal by die skool af en die leerlinge doen alles wat sy vra omdat haar pa invloedryk is en baie mag het. Dewald laat egter nie toe dat sy hom intimideer nie en hy is nie bang vir haar nie. Toe hy ’n graadagt-meisie, **Clarissa**, uit Aldi se kloue red, is Aldi woedend. Sy sê vir Dewald dat sy sal sorg dat sy ouers hulle werk verloor en slaag ook daarin dat sy ma afgedank word. Sy veroorsaak dat Dewald baie seer kry wanneer hy ongenooid by haar huis aankom met die doel om vrede te maak. Sy skrik baie groot en vrees dat hy sal doodgaan, daarom dra sy hom hospitaal toe en verdwyn daarna spoorloos.



Foto: Aldi probeer vir Dewald intimideer

Beesbal dink hy bewys Dewald ’n guns en vertel vir almal op *Schmetterling* se forum wat Aldi gedoen het, maar hy veroorsaak groter skade aan die anti-boelie ondersteuningsnetwerk se beeld. Andries raak verlief op Zelda, ’n graadnege-meisie, terwyl Dewald en Karlien later ’n verhouding aanknoop.

**Die onderwysers**

Die personeel by Dewald se nuwe skool is ingelig oor sy spraakprobleem en die omstandighede wat daartoe gelei het dat hy van skool moes verander.

**Meneer Bosman** is die skoolhoof. Hy is baie outoritêr en vat nie nonsens van enige iemand nie. Hy glo aan konserwatiewe waardes en probeer sy stempel by die skool afdruk. Hy is ’n regverdige man en is nie bang vir Aldi se pa nie.

*“Ek wag vir jou pa,” daag meneer Bosman haar uit. “Ek wil hom graag vra of hy sy dogter se gedrag in die openbaar goedkeur!*



**Foto: Dewald en Karlien in die skoolhoof se kantoor.**

Hy skors vir Aldi en Dewald albei uit die skool ná hulle bakleiery en sê vir Meneer Visser dat hy nie soos die vorige keer vir Dewald kan help nie.

**Bert Visser** is die skoolsielkundige en probeer alles in sy vermoë om Dewald te help om oor sy verlies en spraakprobleem te kom. Dewald vertrou hom en hy is ook die eerste en enigste persoon vir wie Dewald alles van Nicola vertel. Hy slaag daarin om vir Dewald te help om op te hou hakkel deur na musiek op sy oorfone te luister en help hom om te berus in Nicola se dood.

**Juffrou Barkhuizen** is een van die ouer onderwysers en Dewald se registeronderwyser. Haar klein liggaamsbou is misleidend, want sy het ’n groot persoonlikheid en duld nie wanorde en onregverdigheid in haar klaskamer nie. Wanneer sy praat, luister selfs die boelie, Aldi Lotter.

Die Engels-onderwyser van die skool is **Juffrou du Rant**. Sy het ’n militaristiese houding en geniet haar vak. Sy spoor die leerders aan om dieper na te dink en gee interessante onderwerpe vir groepwerk.

**Onbelangrike karakters**

- Die groot tatoeëerman wie se arms soos ’n inkleurboek uit ’n Grimm-sprokie lyk.
- Die sekretaresse by die skool is professioneel en doen alles wat van haar verwag word.
- Die gaste by Mizel se troue – Barend en Chantal en hulle vriende sit saam met Dewald en Nicola aan dieselfde tafel.
- Meneer Visser se vrou

**Persone waarna verwys word in die roman**

- Aldi se ma – Sy mishandel vir Aldi en is waarskynlik die oorsaak van haar boeliegedrag.

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers



**Foto: Aldi en haar ma in konflik**

- Kyle, die lewensredder wat Dewald van verdrinking gered het.
- Dr. Naidoo, die dokter wat Dewald in die hospitaal behandel.
- Rudi, Bert Visser se oorlede seun.
- Bevvie, die rondborstige kelnerin by die Spur.
- Oom Buks van Deventer.

## 5.14 Ironie

**Ironie** is wanneer ’n persoon die teenoorgestelde doen as wat van hom verwag word of wanneer iemand die teenoorgestelde sê as wat hy bedoel, om sodoende ’n groter indruk te maak. Daar is ’n hele paar ironiese verwysings in die roman:

- Dewald dink dat Nicola alles met hom deel, maar sy kontak hom nie toe sy beplan om selfmoord te pleeg nie,
- Karlien is betrokke by *Schmetterling*, maar sy laat toe dat haar model-agent haar boelie. Hy dreig om haar kontrak te beëindig end wing haar om so min as moontlik te eet om haar gewig in toom te hou.
- Bert Visser het baie boeke oor sielkunde en is ’n knap skoolsielkundige, maar hy kan nie sy eie vrou help om die verlies van hulle seun te verwerk nie.

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## Afdeling B: Lees

Die roman: *Vlerke vir Almal* deur Marion Erskine

**Afdeling C: Post-lees**

1. **Riglyne vir die beantwoording van kontekstuele vrae**

Vir sommige leerders is die grootste uitdaing nie die antwoord op die vraag wat gestel is nie, maar om te verstaan wat gevra word en hoe om die vraag te beantwoord. Die moeilikheidsgraad van die vraag word bepaal deur die leerling se kennis van die INHOUD van die roman, die KARAKTERS en die LITERÊRE BEGRIPPE. Sekere vrae vereis ook INSIG en jou EIE OPINIE.

**Hier volg ’n paar riglyne:**

**Vlak 1 en 2 vrae** is die maklikste vrae en bestaan uit vrae oor die inhoud van die roman. Jy behoort hierdie vrae maklik te beantwoord **indien** jy die roman met aandag gelees het. By kontekstuele vrae is sommige van die antwoorde in die aangehaalde teksgedeelte.

Sekere aksiewoorde soos **gee, noem** , **benoem** en **beskryf** kan by vlak 1 en 2 vrae aangetref word.

**VOORBEELDE VAN VLAK 1 EN 2 VRAE:**

***1. Kies die regte antwoord*** ***:*** *Drie of meer moontlikhede word gegee en jy moet slegs die regte een kies. Bv. (Karlien, Aldi, Zelda) is Dewald se meisie.* (vlak 1)

**Beantwoording:** Twee van die antwoorde is ooglopend verkeerd en dit is dus maklik om te bepaal wat die regte antwoord is indien jy die INHOUD EN KARAKTERS ken. **Antwoord:** *Karlien*

***2. Noem*** *die name van die stigterslede van Schmetterling* (vlak 1)

(Jy behoort al die name te ken indien jy die inhoud en karakters in die roman ken.)

**Antwoord:** *Dewald, Nomaswazi, Beesbal (Andries) en Karlien.*

**3. Beskryf** die tatoeëerder wat Nicola se enkel getatoeëer het.

(vlak 2)

**Beantwoording**:

Lees die beskrywing van die tatoeëerder in Hoofstuk 2: *"Ek soek 'n plek op die groot man se arm wat nie met ink ingekleur is nie . . ." grom die man en lyk skoon vies.*

*"die skedel op sy kopdoek"*

*"ingekleurde Goliat"*

Gebruik nou die aanhalings en beskryf hom kortliks in jou eie woorde.

**Antwoord:** *Die tatoeëerder is 'n onvriendelike, groot man met vreemde tatoeëermerke op sy arms.*

**4. Benoem** die beeldspraak wat voorkom in :

"Ons sink soos bakstene" (vlak 2)

**Beantwoording:**

In hierdie geval moet jy die literêre terme ken. Jy het reeds geleer dat 'n **vergelyking**, **metafoor** en **personifikasie** voorbeelde van beeldspraak is. Die woord "soos" bewys dat dit 'n vergelyking is.

**Antwoord:** *vergelyking*

**5. Haal** 'n bewys uit hoofstuk 8 **aan** dat die Spur se personeel Nelson Mandela se dood as belangrik beskou het. (vlak 2)

**Beantwoording:**

Haal die woorde aan wat aansluit by wat hulle gedoen het toe die aankondiging op die nuus verskyn het. Gebruik aanhalingstekens.

**Antwoord**: *"Skielik word die musiek in die Spur afgedraai en die televisies harder gestel."*

**Vlak 3 vrae** vereis dat die leerling inligting wat nie direk in die teks genoem word nie, moet aflei en tot 'n sekere gevolgtrekking kom.

Vrae sluit in: **Verduidelik**, **gee redes**, wat is die **oorsaak** of **gevolg** of wat is die **ooreenkoms** of **verskil.**

**<u>VOORBEELDE VAN VLAK 3 VRAE:</u>**

**6**. Wat kan jy **aflei** van Aldi se karakter op grond van haar houding en dialoog met Dewald in Hoofstuk 1?

(vlak 3)

**Beantwoording**:

Dit word nie direk gesê nie, maar jy kan uit haar houding en dialoog tot die gevolgtrekking kom watter tipe persoon sy is.

**Antwoord:** *Sy is gewoonlik in beheer/iemand wat altyd haar sin kry /intimiderend/manipulerend/’n boelie*

**7. Waarom** het Dewald na ’n ander skoolgegaan? (vlak 3)

**Beantwoording**:

Hier word ’n langer antwoord van jou verwag. Jou antwoord sal afhang van die gedeelte van die roman wat jy klaar gelees het. As jy net tot by Hoofstuk 5 gelees het, sou jou antwoord moontlik wees:

**Antwoord**: *Iets ergs het met Dewald gebeur op Oukersaand en dit het veroorsaak dat hy as gevolg van die skok begin hakkel het. Sy ouers het gedink dat dit beter sal wees as hy na ’n ander skool gaan om die gebeure te verwerk.*

**8.** ***Is die stelling waar of onwaar?*** Aldi is ’n oulike meisie en almal hou van haar.

**Motiveer** jou antwoord. (vlak 3)

**Beantwoording:**

Jy moet die inhoud van die roman en die karakters ken om hierdie tipe vraag te beantwoord. Die woord **motiveer** dui aan dat jy ’n rede moet gee vir jou antwoord op grond van ’n afleiding wat jy maak.

**Antwoord:** *Onwaar. Aldi is ’n boelie wat ander kinders seermaak en hulle dreig. / Niemand hou van Aldi nie, want sy boelie almal en hulle is bang vir haar. / Aldi is die skool se boelie en sy intimideer almal. / Die ander kinders hou nie van Aldi nie en hulle noem haar ’n draak.*

**Vlak 4 en 5** vrae vereis meestal ’n persoonlike of emosionele respons van die leerling. Jy moet op grond van jou eie ervaring of emosies die tipe vrae beantwoord. Hierdie tipe vrae toets die leerling se INSIG en OORDEEL aangaande ’n sekere situasie of karakter in die roman.

Let op sekere begrippe soos: **Stem jy saam , dink jy dit is regverdig, is die verhaal geloofwaardig, dink jy dit is funksioneel** of **is die vergelyking effektief?** Afhangende van die tipe vraag kan jy saamstem of verskil, maar dit is belangrik dat jy baie goed moet

motiveer, ander sal jy punte verloor. Daar is ook nie een spesifieke antwoord vir die vraag nie, want leerlinge se opinie oor sekere aspekte verskil.

**VOORBEELDE VAN VLAK 4 EN 5 VRAE:**

**9. Dink jy** dat Yolandi vir Nicola se dood verantwoordelik gehou kan word? Motiveer jou antwoord.

(vlak 4)

In hierdie geval moet jy die INHOUD en KARAKTERS van die verhaal ken en ook jou EIE OPINIE gee. Jy moet weet dat Yolandi vir Nicola gesê het: "Ek wens jy vrek." En dat sy vir Nicola ouers wou vertel van die sexy foto's wat sy vir haar (Yolandi) gestuur het.

**Moontlike antwoorde:**

*Ja, Nicola wil nie hê dat haar ouers moet uitvind van haar seksuele voorkeur nie en Yolandi dreig om die foto's vir hulle te stuur en haar in die verleentheid te stel. Sy kon nie die verwerping hanteer nie en Yolandi het gesê dat sy dood is in haar oë, daarom besluit sy om selfdood te pleeg.*

Of

*Nee, Nicola moes haar nie aan Yolandi gesteur het nie. Daar is baie meer dinge in die lewe waarvoor 'n mens kan leef en haar hele lewe lê voor haar. Haar ouers sou dalk teleurgesteld wees, maar hulle sal haar nie verwerp het nie en haar gehelp het om die hartseer te verwerk.*

**10. Stem jy saam** met die skoolsielkundige dat Dewald en Karlien nie gestraf moet word vir hulle soen op die skoolterrein nie?

(vlak 5)

Weereens moet jy die inhoud van die roman ken en jou persoonlike opinie gee. Jy moet uit die oogpunt van die skoolsielkundige (of die hoof) redeneer. Jy moet jou dus indink wat jy sou gedoen het indien jy moes besluit of iemand soos Dewald gestraf moet word vir die oortreding, al dan nie.

Moontlike antwoorde:

*Ja, ek stem saam Dewald is reeds getraumatiseer deur Nicola se dood en die skoolsielkundige is besig om vordering te maak om hom te help. Indien hy gestraf sou word, sou dit dalk veroorsaak dat Dewald weer in sy dop kruip en hy nie genees nie. / Dewald het*

*’n unieke probleem en is onder sielkundige behandeling. ’n Straf sou dalk die vordering ongedaan maak en verder skade veroorsaak het.*

Of

*Nee, ek stem nie saam nie. Dewald en Karlien het die skoolrëels oortree en moet dieselfde straf kry as ander leerlinge, want anders kan dit veroorsaak dat dit ’n gesoen op die skoolterrein ’n algemene verskynsel word en dit kan ander leerlinge in die verleentheid stel.*

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## 2. Kontekstuele vrae per hoofstuk

In hierdie afdeling is elke hoofstuk kortliks opgesom. Daar is ook verwysings na die ruimte, tyd en belangrikste gebeure. Dit sal jou help om vinnig iets na te slaan. Die vrae wat daarna volg se punte word aangedui in ronde hakies ( ) en die kognitiewe vlakke in vierkantige hakies. [ ]

### HOOFSTUK 1

**Ruimte : Dewald se skool**

**Tyd : Hede**
**Eerste skooldag van 2014**

**Belangrikste gebeure:**
**Dewald Myburgh meld aan by sy nuwe skool**
**Dewald spreek die skoolsielkundige**
**Konflik tussen Dewald en Aldi**

**Opsomming:**

Dit is die eerste dag van Dewald Myburgh se graadelf-jaar en sy ouers laai hom naby sy nuwe skool af. Hy is selfbewus oor sy pa se ou motor en sy ma wat emosioneel en oorbeskermd is. Die skool se sekretaresse is aanvanklik traag om hom te help, maar toe sy sien wat sy naam is, verander haar houding en is sy baie simpatiek. Dit is duidelik dat die personeel ingelig is oor Dewald se agtergrond en die leser kom agter dat iets in sy verlede veroorsaak het dat hy in graad 11 na ’n nuwe skool moet gaan. Hy moet by die skoolsielkundige, meneer Bert Visser, aanmeld en hom drie maal per week spreek.

In die registerklas veroorsaak Dewald ’n klein opskudding wanneer hy weier om te skuif toe ’n reus van ’n meisie hom inlig dat hy op haar plek sit. Die registeronderwyser, juffrou Barkhuizen, beredder die situasie en tik vir Aldi Lotter, die skool se boelie, oor die vingers. Aldi se deurborende kyk skrik nie vir Dewald af nie en hy kyk stip na haar totdat sy wegkyk.

**Vrae:**

1.1 Dewald se pa se motor word as ’n “skedonk” beskryf. Wat is ’n skedonk? (1) [2]

1.2 Die beeldspraak wat in “Magdel-sluise” voorkom is ’n voorbeeld van:

a) personifikasie

b) metafoor

c) vergelyking (1) [3]

1.3 Dink jy dit is vreemd dat Dewald **in sy graadelf-jaar** na ’n nuwe skool moet gaan? (1) [4]

1.4 By wie moet Dewald gaan aanmeld? (1) [1]

1.5 Wat kan die leser aflei uit die feit dat Dewald die persoon (1.4) drie maal per week moet gaan spreek? (1) [3]

1.6 Watter tipe spraakgebrek het Dewald? (1) [1]

1.7 Bestudeer Dewald se beskrywing van skoolkinders in sy ouers se skooldae.

Dink jy dat die rugbyseuns vandag steeds by sekere skole gewilder is by die meisies as diegene wat skaak speel? Motiveer jou antwoord deur ’n moontlike rede te gee. (1) [4]

1.8 Watter karaktereienskap openbaar Dewald deur nie dadelik op te staan en op ’n ander plek te gaan sit toe Aldi hom beveel om dit te doen nie? (1) [3]

1.9 Verduidelik die kontras tussen juffrou Barkhuizen se voorkoms en haar persoonlikheid. (1) [3]

1.10 Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**:

Dewald en Aldi het vrede gemaak en die konflik is opgelos. (1) [2]

**[10]**

**HOOFSTUK 2**

**Ruimte : tatoeëer-salon**

**Tyd : Terugflits**
**Julie 2013**

**Belangrikste gebeure:**

**Nicola kry ’n skoenlapper-tatoeëermerk**

**Opsomming:**

Hierdie is ’n terugblik in die verlede. Nicola en Dewald is sestien jaar oud en in graad 10, maar hulle is in ’n tatoeëersalon. Nicola gaan sonder die toestemming van haar ouers ’n tatoeëermerk kry. Dit is duidelik dat sy rebelleer en dinge vir haar ouers wegsteek. Daar is ’n besonderse band tussen Nicola en Dewald en hulle is al van laerskooldae af vriende. Hy bied morele ondersteuning aan haar en laat toe dat sy aan sy arm byt om die pyn van die tatoeëring te verduur.

Die man wat die tatoeëring doen, is ’n groot man met vreemde tatoeëermerke oor sy hele arm en ’n kopdoek met ’n skedelpatroon. Hy is nie baie spraaksaam nie en voltooi die tatoeëermerk sonder ’n woord. Dewald en Nicola is baie beïndruk met sy handewerk en bewonder die skoenlapper op Nicola se enkel. Nicola se gunsteling-insek is die skoenlapper en sy noem vir Dewald “Schmetterling”, wat die Duitse woord vir “skoenlapper” is. Nadat die tatoeëerder vir haar ’n pamflet met voorskrifte gegee het oor die versorging van die tatoeëring en hulle klaar betaal het, sê Nicola dat sy nou elke dag aan Dewald sal dink.

**Vrae:**

2.1 Hoe oud is Nicola? (1) [1]

2.2 Waarom dink jy het die tatoeëerder nie vir identiteitsdokumente gevra toe Nicola en Dewald by die tatoeëersalon aankom nie? (1) [4]

2.3 Waarom word daar na die tatoeëerder as ’n “ingekleurde Goliat” verwys? (1) [3]

2.4 Gee twee redes waarom Nicola ’n skoenlapper gekies het as tatoeëermerk. (2) [2]

2.5 Verduidelik die verband (ooreenkoms) tussen die voorblad, die titel en Nicola se tatoeëring?

(3) [3]

2.6 Waarom moet Nicola by die voorskrifte van die tatoeëerder hou? (1) [2]

2.7 Sal jy ’n tatoeëermerk op jou vel laat aanbring? Gee jou mening oor tatoeëring. (1) [5]

**[10]**

**HOOFSTUK 3**

**Ruimte : Dewald se nuwe skool**

**Tyd : Hede**

**Eerste pouse tot die einde van die skooldag.**

**Belangrikste gebeure:**

**Dewald raak bevriend met Beesbal, Karlien en Nomaswazi**

**Opsomming:**

Eerste pouse sit Dewald alleen. Hy maak kennis met Andries Potgieter. Hy is lank, het rooi hare en sy bynaam is Beesbal. Hy bewonder Dewald omdat hy opgestaan het teen Aldi, want almal is bang vir haar. Haar pa is invloedryk en sorg dat sy ongestraf bly vir dade waarvoor ’n leerling gewoonlik geskors sal word. Beesbal is ’n vriendelike ou wat nie gepla is omdat Dewald hakkel of omdat hy nie wil uitwei oor sy rede waarom hy na ’n nuwe skool gekom het nie.

Hy stel vir Dewald voor aan Karlien, ’n pragtige blonde meisie met blou oë. Karlien waarsku vir Dewald om versigtig te wees vir Aldi. Ná pouse het hulle Engels by juffrou Du Rant en

almal fluister onderlangs oor Dewald en Aldi se onderonsie in die registerklas. Beesbal stel ook vir Nomaswazi (Nom-Nom) aan Dewald voor. Sy en Beesbal maak grappies en sy bars uit van die lag. Sy bewonder Dewald se moed om teen Aldi op te staan en hy begin wonder of hy van die verkeerde persoon ’n vyand gemaak het. Die res van die skooldag verloop sonder voorval en Dewald voel positief toe hy die skoolterrein verlaat.

**Vrae:**

3.1 Wat is Dewald se ma se troetelnaam vir hom? (1) [1]

3.2 Dink jy Dewald se ma is oorbeskermend? Haal ’n bewys uit Hoofstuk 3 aan. (1) [2]

3.3 Pas die beskrywing uit kolom B wat die beste by die karakter in kolom A pas.

| | **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|---|
| 3.3.1 | Aldi | a) kan lekker lag |
| 3.3.2 | Karlien | b) die grapjas |
| 3.3.3 | Beesbal | c) die boelie van die skool |
| 3.3.4 | Nomaswazi | d) pragtige blonde meisie |

(4) [2,3]

3.4 Waar het Andries die naam Beesbal gekry? (1) [2]

3.5 Wat stel jy voor kan Dewald doen om vrede te maak met Aldi? Dink jy hy sal dit doen? Motiveer jou antwoord. (2) [5]

3.6 Verklaar die rede waarom *Animal Farm* kursief gedruk is. (1) [3]

**[10]**

**HOOFSTUK 4**

**Ruimte : Dewald se huis**

**Tyd : Terugflits**
**Middel Augustus 2013**

**Belangrikste gebeure:**

**Nicola vertel vir Dewald dat sy homoseksueel is.**

**Opsomming:**

Nicola en Dewald lê op die grasperk in Dewald-hulle sê agtertuin en bestudeer die wolkformasies. Hulle doen dit al van kleins af. Hulle ontleed die wolke en sien denkbeeldige prentjies in die wolke. Nicola vra vir Dewald hoe dit voel om ’n man te wees en wat vir hom die aantreklikste van ’n meisie is. Sy vertel hom die grootste geheim van haar lewe, maar hy mag dit vir niemand anders vertel nie. Dewald is sprakeloos wanneer hy hoor dat Nicola homoseksueel (gay) is.

**Vrae:**

4.1 “Boef is ons Labrador en hy’s so oud soos die Drakensberge.”

Benoem die beeldspraak in die onderstreepte gedeelte. (1) [2]

4.2 Wat is die rede waarom Nicola vir Dewald vrae vra oor verhoudings en geslag?(1) [3]

4.3 Vir wie sal jy vertel as jy uitvind dat jy homoseksueel is? Waarom dink jy wil Nicola dit geheim hou? (2) [3/4]

4.4 Wat is Dewald se reaksie wanneer hy hoor van Nicola se geheim? (1) [2]

**[5]**

**HOOFSTUK 5**

**Ruimte : Dewald se skool**
**Meneer Visser se kantoor**

**Tyd : Hede**
**Januarie 2014**

**Belangrikste gebeure:**

**Dewald se eerste sessie met die skoolsielkundige**

**Opsomming:**

Dewald ignoreer vir Aldi in die registerklas en gaan sit by Beesbal wat besig is om huiswerk af te skryf. Voor tweede pouse meld hy by meneer Bert Visser se kantoor aan vir sy eerste sessie. Hulle gesels oor Dewald se nuwe vriend, Beesbal, en oor Dewald se belangstellings.

Dewald is verras wanneer hy uitvind dat meneer Visser ook ’n musiekliefhebber is en dat hulle dieselfde musieksmaak deel. Hy voel heel op sy gemak en gesels lekker oor musiek, maar toe hy uitgevra word oor sy hakkel-probleem, voel hy ongemaklik. Die skoolsielkundige belowe vir Dewald dat hy hom sal help om sy probleme te oorwin. Die leser weet dat iets traumaties op Oukersaand 2013 in Dewald se lewe gebeur het, maar weet nie wat dit is nie. Dit hou die leser nuuskierig.

**Vrae:**

5.1 Watter karaktereienskap openbaar Beesbal wanneer hy wiskunde-huiswerk afskryf?
(1) [3]

5.2 “Anders as die vorige jare begin die onderwysers reeds met <u>hompe</u> werk.”

Kies die regte woord:

Hompe huiswerk is (moeilike, baie, min) huiswerk. (1) [2]

5.3 Noem twee musiekgroepe waarvan beide Dewald en meneer Visser hou.
(2)[2]

5.4 Wat dink jy is die rede vir Dewald se gehakkel? (1) [4]

5.5 Verduidelik waarom Meneer Visser se vraag oor Dewald se spraakprobleem hom in sy dop laat terugklim?

(1) [3]

5.6 Waarom is Dewald verbaas dat Meneer Visser van dieselfde musiek as hy hou?

(1) [3]

5.7 Is die volgende stelling waar of onwaar? Verduidelik jou antwoord in jou eie woorde.

Dewald dink dat meneer Visser hom met sy probleem sal help. (2) [2/3]

5.8 Dink jy meneer Visser se benadering tot Dewald se probleem is effektief? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

**[10]**

**HOOFSTUK 6**

**Ruimte : Die onthaalarea by Mizel se troue**

**Tyd : Terugflits**
**Vroeg Oktober 2013**

**Belangrikste gebeure:**
**Mizel se troue**
**Konflik tussen Nicola en een van die gaste**

**Opsomming:**

Dewald is Nicola se metgesel by haar suster se sprokiestroue. Hulle geniet die onthaal en dans saam. Dewald het aangename herinneringe oor hulle jeugjare en besef dat hy nooit

aangetrokke was tot Nicola nie. Nicola sê dat Mizel nooit oor haar praat nie omdat sy selfgesentreerd is en net oor haarself praat. Een van die mans aan tafel stem saam, maar sy vrou is ontsteld en storm badkamer toe.

Barend maak ’n neerhalende aanmerking oor homoseksuele persone. ’n Hewige woordewisseling volg tussen hom en Nicola. Dewald vererg hom en konfronteer die man met ŉ belangrike vraag. Die man weet nie wat om te antwoord nie en stap weg terwyl die ander paartjie aan die tafel beïndruk is met Dewald se redenasie.

**Vrae:**

6.1 Noem twee dinge wat bewys dat Mizel met ’n ryk man trou. (2) [1]

6.2 “Mense is so besig om ander te beïndruk met die venue en kristalglase dat hulle die punt mis”

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord en verduidelik wat na jou mening die belangrikste punt van ’n huwelik (troue) is? (2) [5]

6.3 Wat bedoel Nicola wanneer sy sê : “ . . . die dag as ek voor haar en my ma uit die kas kletter”? (1) [3]

6.4 Noem ’n karaktereienskap van Mizel wat jy kan aflei uit die gesprek tussen Nicola en die ander gaste wat saam met haar en Dewald aan die tafel sit.
Watter karakteriseringstegniek word gebruik?

Kies uit die volgende:

a) die karakter se voorkoms
b) dit wat die karakter self sê
c) dit wat ander karakters van haar sê
d) die manier waarop die karakter konflik hanteer (2) [3]

6.5 Waaroor handel die woordewisseling tussen Barend en Nicola?
(1) [2]
**[8]**

**HOOFSTUK 7**

**Ruimte : Die skoolterrein**

**Tyd : Januarie 2014**

**Belangrikste gebeure:**
**Nomaswazi leer vir haar leerlinglisensie**

**Opsomming:**

Nomaswazi is besig om te leer vir haar leerlinglisensie-toets. Sy het die vorige toets gedruip en voel sy is dom, want alles is net te moeilik vir haar. Dewald bied aan om haar te help, omdat hy alreeds sy leerlinglisensie gekry het. Nomaswazi voel radeloos, want sy het 'n ongeluk met haar ouers se voertuig gehad en haar pa dreig dat sy self moet betaal vir die volgende toets indien sy weer druip.

Dewald vertel vir haar dat 'n skoenlapper, wanneer dit uit die kokon breek, net wéét dat dit kan vlieg. Hy inspireer haar om te glo dat sy kan slaag.

**Vrae:**

7.1 Wie maak vir Nomaswazi skrik? (1) [1]

7.2 Hoekom het Dewald se ouers hom 'n jaar later in die skool gesit? Dink jy dit is 'n wyse besluit? (2) [2/3]

7.3 Stem jy saam met Nomaswazi dat dit 'n geldmaakstrorie is wanneer iemand herhaaldelik die leerlinglisensie-toets druip? Motiveer jou antwoord. Verskaf ander moontlike redes vir die hoë druipsyfer. (2) [4]

7.4 Wat dreig Nomaswazi se pa om te doen as sy weer druip? (1) [2]

7.5 Die woord "touché" se taal van oorsprong is (Tswana / Frans / Engels). (1) [3]

7.6 Dink jy die beeld van die skoenlapper sal vir Nomaswazi motiveer? Motiveer jou antwoord. (1) [3]

7.7 Nomaswazi is 'n uitstekende bestuurder.

Haal 'n bewys uit Hoofstuk 7 aan wat toon dat die stelling onwaar is. (1) [3]

7.8 Watter verband is daar tussen die briefie wat Dewald vir Nomaswazi gegee het en Nicola se tatoeëermerk? (1) [2]

**[10]**

**HOOFSTUK 8**

**Ruimte : Dewald se slaapkamer in sy ouerhuis**
**Spur-restaurant iewers in Johannesburg**

**Tyd : Terugflits**
**5 Desember 2013**

**Belangrikste gebeure:**
**Dewald word sewentien en kry sy leerlinglisensie**
**(Nelson Mandela sterf)**

**Opsomming:**

Dewald word sewentien en sy ouers maak hom die oggend wakker met 'n Spiderman-koek en 'n dawerende vuvuzela. Sy ma sukkel om foto's te neem met die selfoon weens haar onkundigheid met die toestel. Die aand neem sy ouers vir Dewald en Nicola Spur toe. Hulle gaan sy verjaarsdag en sy leerlinglisensie wat hy geslaag het, vier. Dit is 'n vrolike aand en Nicola dink dat Dewald se ouers "cool" is.

Skielik verander die vrolike luim toe die musiek in die Spur afgedraai word en Nelson Mandela se dood aangekondig word. Almal is geskok alhoewel hulle die nuus verwag het.

**Vrae:**

8.1 Haal ’n bewys aan dat Dewald se ma hom nog soos ’n klein kindjie behandel.

(1) [2]

8.2 Waarna verwys die 2010-vuvuzela? (1) [2]

8.3 Kies uit kolom B die beskrywing wat die beste by die karakter in kolom A pas.

Skryf slegs die nommer en die ooreenstemmende simbool neer. Bv. 8.3.1 a

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.3.1 Magdel (Dewald se ma) | a) het byna verdrink by Magaliesburg |
| 8.3.2 Daniël (Dewald se pa) | b) is swanger |
| 8.3.3 Dewald | c) is tegnologies-gestremd |
| 8.3.4 Nicola | d) is ietwat oorgewig |
| 8.3.5 Mizel | e) is Dewald se beste vriendin |

(5) [2/3]

8.4 Hoekom dink jy vertel Nicola nie vir Dewald se ouers van haar geheim nie? Dink jy Nicola se ouers sal verstaan as sy vir hulle haar geheim vertel? Motiveer jou antwoord. (2) [4]

8.5 Watter rol het Nelson Mandela in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel?

(1) [3]

**[10]**

**HOOFSTUK 9**

**Ruimte : In die omgewing van die skoolterrein**
**Juffrou Du Rant se klaskamer**

**Tyd : Januarie 2014**

**Belangrikste gebeure:**
**Aldi boelie ’n jonger meisie**
**Die ontstaan van Schmetterling**

**Opsomming:**

Dewald red ’n meisie uit die kloue van Aldi wat die meisie boelie om geld uit haar uit te kry. Aldi is woedend wanneer die meisie weghardloop en dreig dat sy vir almal by die skool sal vertel van haar pa se “affair”. Sy sê ook vir Dewald dat sy sal sorg dat sy ouers hulle werk verloor omdat hy inmeng in haar sake.

Nomaswazi bedank vir Dewald in die Engels-klas omdat hy haar gehelp het om haar leerlinglisensie te kry. Juffrou Du Rant gee opdrag dat die leerlinge in groepe moet gesels oor hoe om van die wêreld ’n beter plek te maak. Beesbal is vol grappe tot groot vermaak van die klas, maar hy hou die idee van *Schmetterling*, die anti-boelie ondersteuningsnetwerk, geheim. Die idee van Dewald is die “geboorte” van *Schmetterling* wat hoop bied vir persone wat geboelie word.

**Vrae:**

9.1 Waarom het Aldi mag oor die jonger meisie? (1) [1]

9.2 “Ysteraram” en “hyskraanarm” is voorbeelde van (vergelykings, metafore of personifikasie).Watter eienskap van Aldi word deur die beeldspraak beklemtoon? (2) [3]

9.3 Waarmee dreig Aldi die meisie en vir Dewald onderskeidelik? (2) [2]

9.4 Waarom dink Nomaswazi kon sy haar leerlinglisensie-toets slaag? (1) [2]

9.5 Wat sal jy voorstel vir hierdie jaar se 67 minute inisiatief op 18 Julie by jou skool? (1) [5]

9.6 Verduidelik kortliks hoe *Schmetterling* ontstaan het. (2] [2]

9.7 Verklaar waarom dit na jou mening belangrik is om *Schmetterling* geheim te hou. (1) [4]

**[10]**

**HOOFSTUK 10**

**Ruimte : 'n Winkelsentrum in Johannesburg**

**Tyd : Terugflits**
**15 Desember 2013**

**Belangrikste gebeure:**
**Nicola vertel vir Dewald van Yolandi**

**Opsomming:**

Nicola en Dewald doen Kersinkopies in die winkelsentrum en gaan drink later melkskommel in die Wimpy. Sy vertel vir Dewald van haar aanlyn-vriendin, Yolandi. Dewald voel effens bekommerd omdat hulle net op Facebook Messenger kommunikeer en mekaar nog nie telefonies gekontak het nie. Hy raai Nicola aan om die meisie in lewende lywe te ontmoet en seker te maak dat sy regtig sy is, wie sy sê sy is. Nicola sê vir Dewald sy voel veilig, want sy weet hy sal haar altyd beskerm indien dit nodig is.

**Vrae:**

10.1 Wat koop Dewald vir sy ouers as Kersgeskenke? (2) [1]

10.2 Waarom is dit moeilik om vir Nicola ’n geskenk te koop? Wat dink jy kan Dewald vir Nicola koop? (2) [3]

10.3 Verduidelik waarom dit gevaarlik is om slegs aanlyn te kommunikeer. (1) [4]

10.4 Waarna verwys Nicola wanneer sy sê dat haar verhouding met Yolandi “complicated” is? Kies een van die volgende:

a) Sy is bang dat sy Dewald se vriendskap sal verloor.
b) Sy vrees haar ouers se reaksie en wil hulle nie vertel van haar seksuele voorkeur nie.
c) Sy hou nie regtig van Yolandi nie. (1) [2]

10.5 Stem jy saam met Nicola dat dit beter is dat iemand eers ná skool “uit die kas moet klim”?
Gee ’n goeie rede waarom jy so dink. (1) [5]

10.6 Wat is die rede vir Nicola se blink oë? (1) [2]

10.7 Gee twee redes waarom Nicola van Yolandi hou. (2) [3]

**[10]**

**HOOFSTUK 11**

**Ruimte : Dewald se huis**

**Tyd : Januarie 2014**

**Belangrikste gebeure:**

***Schmetterling* se eerste byeenkoms.**

**Opsomming:**

Karlien, Beesbal en Nomaswazi kuier by Dewald se huis om oor die besonderhede van *Schmetterling* te besluit. Almal deel hulle idees oor ’n inligtingskaartjie, ’n embleem,’n handgebaar en wenke om die persone wat geboelie word bewus te maak van *Schmetterling* en te ondersteun. Dewald is opgewonde oor die hoop wat die ondersteuningsnetwerk aan mense wêreldwyd kan gee en hy mis vir Nicola.

**Vrae:**

11.1 Haal ’n vergelyking in die eerste paragraaf aan wat daarop dui dat Dewald se ma alles in haar vermoë doen om Dewald se vriende te laat welkom voel. (1) [3]

11.2 Waarom dink jy wil Dewald se pa hom nie toelaat om te braai nie? (1) [3]

11.3 Verduidelik wat jou ouers se reëls rondom kuiers van vriende van die teenoorgestelde geslag in jou eie slaapkamer is. (1) [5]

11.4 Hoe wil die vriende persone wat geboelie word bewus maak van *Schmetterling*? (1) [2]

11.5 Waarvoor staan die 1 en 3 in die wagwoord “vl**13**g”? Waarom word dit op hierdie manier geskryf? (3) [2]

11.5 Wat is die hoofdoel van *Schmetterling*? (1) [2]

11.6 Die betekenis van “Photoshop” is:

a) om ’n foto op die internet te koop

b) die naam van die winkel waar jy foto's kan koop

c) 'n samestelling van verskillende foto's om 'n nuwe, elektroniese weergawe te skep

d) die werkswinkel waar jy foto's ontwikkel (1) [3]

11.7 Watter wenke sou jy byvoeg op *Schmetterling* se blad? (1) [5]

**[10]**

**HOOFSTUK 12**

**Ruimte : Die skoolterrein**

**Meneer Visser se kantoor**

**Tyd : Februarie 2014**

**Belangrikste gebeure:**

**Dewald se tweede sessie by meneer Visser.**

***Schmetterling* word bekend.**

**Opsomming:**

Dewald sukkel aanvanklik om vir Clarissa, die graadagtmeisie wat deur Aldi geboelie is, te oortuig om by Schmetterling aan te sluit, maar slaag tog daarin. Sy is baie bly en wil ook vir haar ander vriende daarvan vertel, want sy besef dat daar hoop is.

Dit is Dewald se tweede sessie by die skoolsielkundige. Hy merk die positiewe verandering in Dewald op. Hy praat met meneer Visser oor Nicola en vertel hom alles behalwe haar geheim. Meneer Visser besef dat hy in die teenwoordige tyd van haar praat en wys hom daarop dat sy oorlede is.

**Vrae:**

12.1 Wat het Aldi vir skoolkinders vertel van Clarissa se pa? Hoekom het sy dit gedoen?

(2) [2]

12.2 Verduidelik in jou eie woorde die betekenis van die volgende stelling:

"Jy is die kaptein van jou eie skip." (1) [3]

12.3 "Binne een dag het die nuus soos 'n veldbrand versprei . . ."

Dink jy die vergelyking is 'n goeie manier om *Schmetterling* se sukses te beskryf? Verduidelik jou antwoord. (1) [4]

12.4 Waarom dink jy praat Dewald van Nicola in die teenwoordig tyd? (1) [3]

**[5]**

**HOOFSTUK 13**

**Ruimte : Dewald se huis.**
**Buite Nicola se huis.**

**Tyd : Terugflits**
**Oukersaand – 24 Desember 2013**

**Belangrikste gebeure:**
**Nicola pleeg selfdood.**

**Opsomming:**

Dit is Oukersaand en Dewald lê en musiek luister in die kamer. Hy wag dat sy ma moet klaarmaak sodat hulle kan gaan uiteet. Skielik hoor hy sy ma gil. Hy besef dat iets vreesliks verkeerd is toe hy sien hoe sy ma huil. Hy weier om sy pa te glo toe hy sê dat Nicola haarself opgehang het met 'n gordel (belt). Hy hardloop uit die huis met haar Kersgeskenk in sy hand. Wanneer hy by Nicola se huis kom, laai hulle haar lyk in die ambulans, maar Dewald dring daarop aan om haar te sien.

Die dood van sy beste vriendin is vir hom baie traumaties. Hy kan nie verstaan waarom sy hom nie gevra het vir hulp nie. Hy gaan nie na haar begrafnis toe nie, praat met niemand nie en eet skaars. Toe hy ’n week later vir die eerste keer weer praat, kom hy agter dat hy begin hakkel het.

**Vrae:**

13.1 Haal ’n sinsnede (frase) aan wat bewys dat Dewald se ma altyd laat is. (1) [2]

13.2 Waarom weet Dewald dat iets vreesliks gebeur het? (2) [2]

13.3 Bewys waarom die volgende stelling **onwaar** is:

Dewald het sy pa geglo toe hy vir hom vertel het dat Nicola haarself opgehang het. (1) [3]

13.4 “Binne tien minute het die adrenalien my voor Nicola se huis waar <u>ambulansligte godslasterlik kompeteer met die kersliggies</u> binne die huis”

13.4.1 Hoe lank stap ’n mens gewoonlik na Nicola se huis toe? (1) [1]

13.4.2 Benoem die beeldspraak wat voorkom in die onderstreepte deel van die sin. (1) [3]

13.4.3 Watter kontras (teenstelling) kom voor in die onderstreepte woorde? (1) [3]

13.5 Hoe weet Dewald dat Nicola besef het wat sy doen en wou lewe? (1) [3]

13.6 Wat dink jy is die rede waarom Nicola haarself opgehang het? (1) [4]

13.7 Gee ’n moontlike rede waarom Dewald ’n hakkelprobleem gekry het. (1) [5]

**Het jy geweet?**
Met die beplanning van die boek, het Marion Erskine dit uitgewerk dat hierdie hoofstuk juis die nommer 13 moes dra, omdat dit die getal van ongeluk is.

**[10]**

**HOOFSTUK 14**

**Ruimte : Die skool se rugbyveld**
**Dewald se huis.**

**Tyd : Februarie 2014**

**Belangrikste gebeure:**
**Schmetterling groei**
**Nicola se ma besoek die Myburghs**

**Opsomming:**

Dewald is omgekrap en depressief omdat hy besef dat meneer Visser reg is oor Nicola. Die vier vriende sit tydens eerste pouse op die rugbyveld en gesels opgewonde oor die sukses van *Schmetterling* en die internasionale belangstelling, maar Dewald bly afgetrokke. Hy gee voor dat hy opgewonde is, maar hy dink heeltyd aan Nicola en wil nie vir hulle van haar te vertel nie.

Nicola se ma, Judy, besoek hom een Sondagmiddag by die huis. Dit is die eerste keer dat Dewald haar sien sedert die insident en hy is effens gespanne. Sy gee vir hom Nicola se skootrekenaar en hy is baie dankbaar. Tannie Judy vra hom of hy weet waarom Nicola selfdood gepleeg het, maar hy kan nie vir haar antwoorde gee nie omdat hy met dieselfde vraag worstel.

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Vrae:

14.1 Noem twee hoogtepunte van Schmetterling. (2) [2]

14.2 Waarom is Dewald omgekrap en deel hy nie in die vreugde van *Schmetterling* se sukses soos sy vriende nie?

(1) [3]

14.3 Verklaar die humor in Beesbal se opmerking oor die Nobel-prys vir Vrede.

(1) [3]

14.4 Gee jou eie moontlike verklaring waarom Dewald nie vir sy vriende van Nicola wil vertel nie. (1) [4]

14.5 Wat is die doel van tannie Judy se besoek? (1) [1]

14.6 "Twee dooie albasteroë kyk op na my."

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n metafoor. Dink jy die metafoor is gepas? Verduidelik.

(1) [4]

14.7 Waarom is die skootrekenaar die beste geskenk wat Nicola van Dewald kon kry?

(1) [3]

14.8 Wat dink jy is die "password" vir Nicola se skootrekenaar? (1) [3]

14.9 Is die volgende stelling waar of onwaar?

Dewald weet waarom Nicola selfdood gepleeg het. (1) [2]

[10]

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 15

**Ruimte : Die skool se rugbyveld**
**Die skoolhoof se kantoor**
**Die skoolterrein**
**Dewald se huis**
**Beesbal se huis**

**Tyd : Middel Februarie 2014**

**Belangrikste gebeure:**
Dewald soen vir Karlien
Dewald se ma verloor haar werk

Dewald en Karlien sit pouse alleen op die rugbyveld en gesels, want Nomaswazi en Beesbal is elders besig. Karlien vertel vir Dewald dat haar pa werkloos is en dat sy modelwerk doen en ook haar jonger boetie moet help versorg. Dewald is vies omdat haar agent dreig dat sy haar kontrak sal verloor indien sy gewig aansit. Hy kyk diep in haar oë en vertel haar hoe mooi sy is en dan soen hy haar . . .

Een van die leerlingraadslede betrap hulle en hulle moet voor die skoolhoof verskyn. Hy is ontsteld en wil dadelik hulle ouers kontak, maar meneer Visser kom tot hulle redding. Meneer Bosman sien hulle oor toe hy besef wie Dewald is. Aan die einde van die skooldag hoor Dewald vir Aldi na hom roep. Sy rig ’n bedekte waarskuwing aan hom. Later hoor hy dat sy ma haar werk verloor het en dink dat Aldi se pa betrokke was by sy ma se afdanking. Hy vertel vir Beesbal van sy vermoede.

Vrae:

15.1 Pas die korrekte beskrywing uit kolom B by die karakter of begrip in kolom A. Skryf slegs die nommer en die ooreenstemmende simbool. Bv. 15.1.1 b

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 15.1.1 Zelda | a) Karlien se boetie ly daaraan. |
| 15.1.2 Down-sindroom | b) Hy sorg dat Magdel haar werk verloor |
| 15.1.3 Derrick | c) Dewald het vir Karlien gesoen |
| 15.1.4 Aldi se pa | d) Beesbal se meisie wat in graad 9 is. |
| 15.1.5 geliplock | e) Karlien se agent sê sy kan haar kontrak verloor |

(5) [2/3]

15.2 Wie is die enigste lid van die *Schmetterling*-span wat steeds vurig betrokke is by die ondersteuningsnetwerk? Hoeveel lede het die netwerk op hierdie stadium? (2) [1]

15.3 Op watter wyse word Karlien geboelie? (1) [2]

15.4 Karlien en Dewald beland in die moeilikheid omdat hulle gesoen het. Lug jou mening oor die aard en erns van die oortreding. (1) [5]

15.5 Wat is die rede waarom Karlien en Dewald nie gestraf word nie? (1) [2]

15.6 Waarom vermoed Dewald dat Aldi se pa iets met sy ma se afdanking te doen het? (1) [3]

15.7 Verbeel jou jy is Dewald. Wat sou jy doen indien iemand jou ma onregverdig afdank en jy weet wie die persoon is wat daarvoor verantwoordelik is? Motiveer waarom jy tot hierdie aksie sal oorgaan. (2) [5]

15.8 Vir wie vertel Dewald van sy vermoede en wat is daardie persoon se reaksie? (2) [2]

**[15]**

**HOOFSTUK 16**

**Ruimte : Dewald se huis**
**Die skoolterrein**
**Die skoolhoof se kantoor**
**Mnr. Visser se huis**

**Tyd : Februarie 2014**

**Belangrikste gebeure:**

Aldi en Dewald word geskors

Dewald vind uit waarom Nicola selfdood gepleeg het

Meneer Visser het ’n oplossing vir Dewald se hakkelprobleem

**Opsomming:**

Dewald wys vir sy maats die koerantartikel oor *Schmetterling*. Hulle kan nie glo dat hulle idee nou ’n toep van sy eie het nie. Dewald het die vorige nag geworstel oor wat hy aan Aldi gaan doen en of hy haar sal vergewe, maar toe sy ’n smalende opmerking oor sy ma maak, stamp hy haar uit woede. Sy slaan hom met die vuis en albei word vir ’n week geskors.

Terwyl Dewald by die huis is, slaag hy daarin om toegang te kry tot Nicola se skootrekenaar. Hy sien die gesprek tussen Nicola en Yolandi in die geselsvenster op die skerm en besef waarom Nicola haar eie lewe geneem het. Vir die eerste keer vloei die trane en hy huil so hard dat sy ma kom kyk wat aangaan. Hy hardloop na meneer Visser se huis en ’n vaal vroutjie verskyn by die deur. Alhoewel meneer Visser ongemaklik lyk omdat Dewald nie vooraf gebel het nie, vra hy hom om twee minute te wag en nooi hom dan in.

Dewald verduidelik hakkelend waarom Nicola selfdood gepleeg het. Meneer Visser sit oorfone op Dewald se kop en skakel musiek aan en skielik begin Dewald praat sonder om te hakkel. Hy verduidelik waarom hy kwaad is vir Nicola. Terug by die huis kontak Nomaswazi vir Dewald en vertel hom wat Beesbal aangevang het. Deur sy toedoen is Aldi nou die teiken en word sy deur haar vorige slagoffers geterroriseer. Dewald belowe dat hy die probleem sal oplos.

Vrae:

16.1 Die Schmetterling-toep is ’n fiktiewe idee en bestaan nie werklik nie. Dink jy so ’n toep kan wel slagoffers van boelies in die toekoms help? Noem ’n moontlike voordeel en ’n nadeel van so tipe toepassing. (2) [3]

16.2 Het Dewald vooraf beplan om vir Aldi te stamp? Hoekom het hy dit gedoen? (2) [2]

16.3 Dink jy dat die skoolhoof regverdig opgetree het teenoor Dewald en Aldi? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

16.4 Sou die hoof dalk anders opgetree het as hy vooraf geweet het dat Aldi en haar pa verantwoordelik is vir Magdel Myburgh se afdanking? Verduidelik wat jy dink hy dan aan die saak moes doen. (1) [5]

16.5 Verklaar waarom dit ironies is wanneer Aldi sê sy voel onveilig met Dewald in die skool. (1) [3]

16.6 Wat ontdek Dewald op Nicola se skootrekenaar? Hoe voel hy oor die ontdekking? (2) [2]

16.7 Watter reël het Beesbal op Schmetterling oortree? (1) [3]

**[10]**

**HOOFSTUK 17**

**Ruimte : Aldi se huis**

**Tyd : Februarie 2014**

**Belangrikste gebeure:**

**Aldi se ma rand haar aan.**

**Dewald verkeer in lewensgevaar.**

**Opsomming:**

Dewald gaan na Aldi se huis om verskoning te vra vir wat met haar gebeur het as gevolg van Beesbal. Hy sien die verf teen die motorhuis en hoor 'n geskree uit die huis. Hy loer deur die kombuisvenster en sien dat Aldi se ma baie kwaad is, sy breek vir Aldi emosioneel af. Sy slaan haar eers met die vuis en takel haar dan met 'n pan. Dewald kry vir Aldi jammer en wil die polisie bel, maar dan storm sy by die voordeur uit. Sy sien hom buite die huis en jaag hom om haar woede op hom uit te haal. Dewald val agteroor, stamp sy kop en verloor sy bewussyn terwyl daar bloed by die oop wond uitvloei.

Vrae:

17.1 Wat het Dewald gedoen om die skade wat Beesbal op *Schmetterling* se blad aangerig het, te probeer uitwis? (1) [1]

17.2 Verduidelik in jou eie woorde wat die betekenis van die volgende aanhaling is:

"Hy't *Schmetterling* – wat 'n simbool van hoop was – in 'n wapen verander.

(1) [3]

17.3 Waarom is Dewald verbaas toe hy deur Aldi-hulle se kombuisvenster loer?

(1) [2]

17.4 Dink jy dat Dewald lafhartig is deur weg te hardloop van Aldi af? Motiveer.

(1) [4]

17.5 Die leser weet nie wat met Dewald gaan gebeur nie. Watter funksie verrig die einde van die hoofstuk? (1) [3]

**[5]**

## HOOFSTUK 18

**Ruimte : Die hospitaal**
**Die skoolsaal**

**Tyd : Februarie/Maart 2014**

**Belangrikste gebeure:**
**Dewald is in die hospitaal.**
**Dewald lewer ’n toespraak oor *Schmetterling***

**Opsomming:**

Dewald word wakker in die hospitaal. Sy ma vertel hom dat Aldi hom hospitaal toe gedra en daarna verdwyn het. Sy vriende is bly om hom te sien en Nomaswazi vertel vir Dewald dat hy en Karlien nou ’n “item” is. Hy is bly en sê vir Karlien dat hy graag haar ou wil wees.

’n Week nadat Dewald uit die hospitaal ontslaan is, moet hy ’n toespraak oor *Schmetterling* in die skoolsaal lewer. Meneer Visser ontmoet hom in die kamertjie agter die saal se verhoog. Hy vertel van sy eie seun wat oorlede is en sy onmag om sy vrou te help om oor die traumatiese gebeure te kom.

Toe Dewald voor die gehoor staan begin hy oor boelies praat. Hy bly hakkel, maar uiteindelik breek die skoenlappergebaar sy spraak-vloek en hy begin weer normaal te praat. Hy verras almal deur oor Nicola te praat en rig ’n versoek dat almal moet help om na Aldi te soek.

**Vrae:**

18.1 Wie is by Dewald wanneer hy sy bewussyn in die hospitaal herwin? (2) [1]

18.2 Waarom dink jy het Aldi weggehardloop nadat sy vir Dewald veilig na die hospitaal gebring het? (1) [4]

18.3 Wat vertel Nomaswazi vir Dewald? Hoe reageer hy daarop? (2) [2]

18.4 Kies uit die volgende opsies watter tipe konflik meneer Visser ervaar omdat hy nie sy vrou kon help om die trauma van hulle seun se dood te verwerk nie:

a) innerlike konflik

b) uiterlike konflik

c) konflik tussen die mens en die natuur

d) konflik tussen die mens en sy omgewing (1) [3]

18.5 Verduidelik waarom dit vir Dewald moeilik is om die saal vol mense toe te spreek oor *Schmetterling*? Wat gee hom moed om die toespraak te voltooi? (2) [3]

18.6 Het jou houding oor Aldi verander en sou jy help om haar op te spoor indien jy een van haar vorige slagoffers was? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

18.7 "En *Schmetterling* het 'n veilige hawe geword vir hierdie afvlerk-mense."

Wat is die betekenis van die onderstreepte woorde binne die konteks van die roman?

(1) [3]

**HOOFSTUK 19**

**Ruimte : Die begraafplaas**
**Nicola se graf**

**Tyd : Maart 2014**

**Belangrikste gebeure:**

**Dewald en Karlien besoek Nicola se graf**

**Opsomming:**

Karlien vergesel Dewald na die begraafplaas en Nicola se graf. Sy laat hom alleen by die graf en wag vir hom op die grasperk. Dewald "gesels" vir die eerste keer met Nicola sedert sy dood is. Hy vertel haar van Yolandi en hoe dit met die ander mense gaan. Hy vra haar om te kyk na hom en gaan sluit aan by Karlien op die gras.

Saam kyk hulle na wolkformasies en dan kom sit een van Nicola se gunsteling-skoenlappers – 'n Keiser-swaelstert – op Karlien se gesig. Vir Dewald is dit 'n simbool dat Nicola vir Karlien goedkeur en dat sy sal "uitkyk" vir hom.

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**Vrae:**

19.1 Op watter wyse vind Dewald berusting in Nicola se dood? (1) [3]

19.2 Noem twee dinge wat hy vir Nicola "vertel". (2) [1]

19.3 Dink jy Yolandi het haarself vergewe vir die lelike dinge wat sy vir Nicola gesê het? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

19.4 Kies die stelling wat **onwaar** is uit die volgende:

Die skoenlapper wat op Karlien se voorkop sit

a) was Nicola se gunsteling-insek

b) is die embleem van *Schmetterling*

c) is 'n simbool dat Nicola vir Karlien goedkeur

d) is 'n Keiser-swaelstert (1) [3]

**[5]**

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## 3. Konsepvraestel

### Vraag 1

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

***Teks A***

> Ek trek ’n reep vleis van die ribbetjie af, kou en sluk eers.
>
> “Jy belowe al vir jare jy gaan my leer swem, maar niks het daarvan gekom nie.”
>
> O ja. Dis die ding van die Myburgh-gesin wat jy moet weet. Nie een van ons kan swem nie. Ons sink soos bakstene in ’n plaasdam en ek vermoed nie eens die Dooie See sal ons kan maak dryf nie.
>
> Ek het darem al eenkeer probeer,” verdedig Nicola. “In Magaliesburg saam met julle? Onthou jy?”
>
> “Natuurlik onthou ek. Wie sal kan vergeet hoe ’n 1.76m-tiener amper in die baby pool versuip het? Te danke aan die bodyguard, het ek dit oorleef.”
>
> “Kyle,” sug my ma hardop.
>
> “Wie?” vra Pa wat tegelyk luister én rugby kyk.
>
> “Kyle, Oom,” lig Nicola hom in. “Die bodyguard wat oom se seun van verdrinking gered het.”
>
> “Sjoe,” sug Ma weer. “’n Mens kon kaas op daardie bronsmaag van hom rasper.”

1.1 Noem die ruimte waarteen die gedeelte van die verhaal in die uittreksel afspeel.

(1) [2]

1.2 Gee twee redes waarom die Myburgh-gesin en Nicola in dié spesifieke ruimte is.

(2) [2]

1.3 Watter verskoning het Nicola se ouers gehad dat hulle nie saam kon gaan nie?

Wat dink die verteller is die werklike rede? (2) [3]

1.4 Kies die regte antwoord:

In die roman is ’n (alomteenwoordige, eerstepersoons-, derdepersoons-) verteller aan die woord. Die “jy” in reël 3 is (die leser, Nicola, Dewald) (2) [2]

1.5 Bestudeer reël 4-5.

1.5.1 Benoem die beeldspraak wat voorkom in “soos bakstene in ’n plaasdam”. (1) [3]

1.5.2 Die onderstreepte gedeelte is ’n voorbeeld van ’n hiperbool.
Lug jou mening oor die effektiwiteit daarvan. (1) [4]

1.5.3 Dink jy dit is moontlik vir ’n seun soos Dewald om in ’n “baby pool” te verdrink? Motiveer. (1) [4]

1.6 Bestudeer reël 10 en 13.
Verklaar waarom Dewald se ma sug as sy aan Kyle dink. (1) [3]

17 Stel Pa werklik belang in die gesprek aan tafel? Motiveer jou antwoord deur ’n sin uit die uittreksel aan te haal. (1) [3]

1.8 Bestudeer die uittreksel noukeurig en pas die beskrywing uit kolom B wat die beste by die karakter in kolom A pas. Skryf slegs die nommer en die ooreenstemmende simbool neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.8.1 Nicola | a) werk by die kleuterskool |
| 1.8.2 Dewald | b) besit ’n stokou stasiewa |
| 1.8.3 Dewald se ma | c) het ’n skoenlapper op haar enkel laat tatoeëer. |
| 1.8.4 Dewald se pa | d) het ’n Spiderman-koek vir sy verjaarsdag gekry. |

(4) [2]

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

1.9 Waarom is die musiek skielik afgedraai vir ’n belangrike aankondiging op die televisie? Waarom dink jy het die aankondiging alle Suid-Afrikaners verslae en bang laat voel ?

(2) [2,4]

**(18)**

***Teks B***

Met die omdraai gewaar ek vir Aldi Lotter wat aangewaggel kom.

“Dit was darem baie lekker, D-D-Dewald,” sê sy in die verbyloop en grynslag soos ’n kat met drie sterte.

“Waarvan p-praat jy?” roep ek agterna. Was dit sy wat my en Karlien op die rugbyveld gesien en die leerlingraad geroep het?

“Jy sal sien,” koggel sy en stap verder. “Niemand mors met Aldi Lotter nie. Nie eens jý nie. D-D- Dewald M-M-Myburgh.”

Oom Buks van Deventer het aangebied om my by die huis af te laai. My ouers het blykbaar besigheid in die stad gehad. Ek haal die spaarsleutel uit my tas en stap die huis binne. Dis min dat ek voor een van my ouers by die huis is. Ek maak die yskas se deur oop, druk ’n stuk ham in my mond en vat ’n groot sluk van die pynappelsap, sommerso uit die boks uit. Ai, die vryheid wat ’n mens darem het as jou ouers nie in die omtrek is nie.

1.10 Noem 2 vorige insidente waar Aldi en Dewald in konflik was. (2) [2]

1.11 Met die omdraai gewaar ek vir Aldi Lotter wat aangewaggel kom.

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Kies een van die onderstaande beskrywings wat die beste by die onderstreepte woord pas:

a) sy is maer en loop baie vinnig

b) sy is oorgewig en loop soos ’n eend as gevolg van haar gewig

c) sy loop ’n entjie en wag dan ’n bietjie voordat sy verder loop

d) sy hardloop en val voordat sy by Dewald uitkom (1) [3]

1.12 Bestudeer die onderstreepte woorde in reël 15.

1.12.1 Wat het Aldi gedoen wat vir haar lekker was? Hoekom het sy dit gedoen? (2) [3]

1.12.2 Verduidelik waarom Dewald se naam op die manier geskryf is. (1) [3]

1.12.3 Watter rampspoedige gevolge het hierdie daad van Aldi vir Dewald gehad? (1) [2]

1.12.4 Dink jy Aldi sou tot hierdie daad oorgegaan het ás sy geweet het watter gevolge dit vir haar sal inhou? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

1.13 Beskryf kortliks waarna Dewald verwys in reël 17. (1) [2]

1.14 Dink jy dit was regverdig dat Dewald en Karlien nie deur die skoolhoof gestraf is vir hulle oortreding nie? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

1.15 Wie het gesorg dat hulle nie gestraf word nie? Watter rol speel die persoon in Dewald se lewe? (2) [2,3]

1.16 Verduidelik waarom Dewald hakkel. (1) [2]

1.17 Watter hulpmiddel het Dewald, op meneer Visser se aanbeveling, gebruik om op te hou hakkel? Waarom kon hy later heeltemal normaal praat **sonder** die hulpmiddel? (2) [3]

1.18 Sou jy ook soos Dewald uit die boks sap drink as jou ouers nie naby is nie? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1) [5]

1.20 Wat sou jy voorstel om boeliegedrag by skole te voorkom? (1) [5]

**(17)**

**35 punte**

## 4. Mondelinge en skriftelike aktiwiteite vir verryking

### 4.1 **Pamflet**

In jou skool is daar leerlinge wat probleme ondervind met groepsdruk. Hulle vriende dwing hulle om by verkeerde dinge betrokke te raak. Jy en drie maats het besluit om ’n ondersteuningsnetwerk vir tieners te skep. Kies EEN van die volgende misbruike en ontwerp ’n pamflet om leerlinge wat soortgelyke probleme ervaar, te nooi om aan te sluit by die ondersteuningsnetwerk. (80-100 woorde)

ALKOHOL
DAGGA
DWELMS
of SELFSNY (Cutting)

### 4.2 **Dialoog**

Stel jou voor Nicola het besluit om vir haar ma te vertel van haar homoseksualiteit. Skryf die dialoog tussen haar en haar ma. Dit kan ook in die klaskamer gedramatiseer word.
(120-150 woorde)

### 4.3 **Dagboekinskrywing**

Stel jou voor Aldi het ’n geheime dagboek gehou. Skryf die dagboekinskrywing wat sy geskryf het die dag ná haar verdwyning. (80-100 woorde)


### 4.4 **Informele brief**

Skryf ’n bemoedigende brief aan Yolandi wat steeds sukkel om haarself te vergewe vir Nicola se dood. (120-150 woorde)

### 4.5 **Poskaart**

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Dewald het ná skool besluit om vir ’n jaar in Europa te gaan toer. Verbeel jou jy is Dewald, gebruik die volgende afbeelding en stuur ’n poskaart aan jou ma. (80-100 woorde)



Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## 5. Glossarium van literêre begrippe

**antiklimaks** – die omgekeerde van ’n klimaks of hoogtepunt
*Dit is Oukersaand en die Myburghs maak gereed om te gaan uiteet, dan kry hulle die hartverskeurende nuus dat Nicola haarself opgehang het.*

**atmosfeer** – die stemming wat in ’n hoofstuk of deel van die roman heers
*Die skool se boelie, Aldi Lotter, beveel Dewald om van haar sitplek op te staan. Dit veroorsaak ’n gespanne atmosfeer.*

**beelde** – elemente wat deurlopend in die verhaal voorkom
*Die beeld van die skoenlapper kom deurlopend in die roman voor. Nicola laat ’n skoenlapper op haar enkel tatoeëer, dit gee vir Nomaswazi hoop en dit vorm deel van die embleem van* Schmetterling.

**boodskap** – die lewensles wat die skrywer aan die leser wil oordra
*Die boodskap van die roman is dat ’n boelie of kuberboelie ’n geweldige invloed op iemand kan hê en selfs iemand se dood kan veroorsaak. Hou op om mense te boelie en kry hulp wanneer jy geboelie word.*

**dialoog** – gesprek tussen twee persone
*Die dialoog tussen Yolandi en Nicola in die geselsvenster op Nicola se rekenaarskerm laat Dewald besef waarom Nicola selfdood gepleeg het.*

**eerstepersoonsverteller** – die verhaal word vertel uit die oogpunt van een van die karakters in die verhaal soos wat hy dit ervaar
*Dewald Myburgh is die verteller van die verhaal. Hy vertel die verhaal soos wat hy dit sien en gee sy eie gedagtes weer.*

**fiktief** – nie die waarheid nie, maar iets wat in die skrywer se verbeelding geskep is
*Alhoewel die roman geloofwaardig is, is die intrige nie ware gebeure nie, maar deel van die skrywer se verbeelding. Dewald Myburgh en die ander karakters bestaan nie in die werklikheid nie.*

**figuurlik** – wanneer beelde gebruik word om ’n sekere effek te bereik
*Tieners in die roman gebruik graag figuurlike taal. Dewald word ’n “dragon slayer” genoem omdat hy die draak, Aldi Lotter, op haar plek gesit het.*

**fragmentaries** – (ook genoem achronologies) die gebeure in die roman word nie in volgorde van tyd aangebied nie
*Die hede en terugflitse word afwissellend gebruik om die verhaal te vertel.*

**handeling** – Die aksie wat ’n karakter uitvoer (dit wat die karakter doen)
*Dewald soen vir Karlien op die rugbyveld. Hierdie handeling dui daarop dat hy verlief is op haar.*

**hiperbool** – doelbewuste oordrywing om iets groter of erger te laat klink as wat dit werklik is
*Wanneer Beesbal vir Dewald ’n handdruk gee “kraak die beentjies” in Dewald se hand.*

**hoofkarakter** – die karakter op wie die meeste gefokus word en aan wie die grootste deel van die verhaal afgestaan word
*Dewald Myburgh is die hoofkarakter in die roman.*

**impliseer** – wanneer iets nie direk gesê word nie, maar daar ’n afleiding gemaak moet word
*Aldi sê nie direk vir Dewald dat dit deur haar pa se toedoen is dat sy ma afgedank is nie, maar sy verwys na haar as ’n “huisvrou”, iemand wat nie werk nie.*

**innerlike konflik** – ’n emosionele kwessie waarmee ’n karakter worstel
*Dewald kan nie glo dat Nicola hom nie haar in haar vertroue geneem het met haar probleem of raad gevra het voordat sy selfdood gepleeg het nie. Hy dink dat hy nie so belangrik was vir haar soos wat hy gedink het nie en dat sy nie werklik vir hom omgegee het nie.*

**intrige** – die plan waarvolgens gebeure in die verhaal ontwikkel
*Die eerste hoofstuk handel oor Dewald wat na ’n nuwe skool gaan, maar die volgende hoofstuk is ’n terugflits na die verlede. Dit is die skrywer se manier om die leser geleidelik in te lig oor die gebeure.*

**ironie** – die teenoorgestelde as dit wat die leser verwag gebeur

*Bert Visser het baie boeke oor sielkunde en is ’n knap skoolsielkundige, maar hy kan nie sy eie vrou help om die verlies van hulle seun te verwerk nie.*

**karakters** – die persone wat in die roman optree (sien **newekarakters**)
*Nicola, Karlien en Magdel Myburgh is karakters in die roman.*

**karaktereienskap** – die kenmerke van die karakter soos die leser hom of haar leer ken
*Nicola laat ’n tatoeëermerk op haar enkel aanbring sonder haar ouers se toestemming. Deur die handeling toon sy dat sy rebels is.*

**karakteriseringstegniek** – die manier wat die verteller gebruik om die karakter aan die leser voor te stel op grond van voorkoms, dialoog of konflikhantering
*Aldi word deur die ander karakters as ’n draak beskryf – dialoog*

**klimaks** – die hoogtepunt van die verhaal
*Dewald en Aldi se woordewisseling buite haar huis veroorsaak dat Dewald val en beseer word. Sy besering is so erg dat hy sy bewussyn verloor en moontlik kan doodgaan.*

**kontras** – twee sake wat in teenstelling met mekaar staan
*Daar is ’n sterk kontras tussen Nicola se ouers wat gesteld is op geld en status teenoor die Myburghs wat met ’n ou motor ry en wie se kind hulle kosbaarste besitting is.*

**krisis** – die spanning wat verhoog as gevolg van konflik
*Dewald vind uit waarom Nicola selfdood gepleeg het. Beesbal se wraaksugtige inskrywing veroorsaak dat* Schmetterling *kan misluk, want al Aldi se slagoffers begin om háár te boelie.*

**letterlik** – die woordeboekbetekenis van ’n woord, die mees algemene betekenis van ’n woord
*Karlien is ’n blonde meisie met blou oë.*

**milieu** – die ruimte en tyd waarteen die verhaal afspeel
*Die verhaal speel in 2013-2014 in Johannesburg af.*

**motoriese moment** – die handeling wat verdere gebeure veroorsaak

*Die ontmoeting en konfliksituasie tussen Aldi en Dewald*

**metafoor –** wanneer een saak aan ’n ander gelykgestel word, ’n beknopte vergelyking
*Nicola byt ’n tandehorlosie op Dewald se arm terwyl sy ’n tatoeëermerk op haar enkel laat aanbring. Die bytmerke op sy arm word gelykgestel aan die vorm van ’n horlosie.*

**newekarakters –** belangrike karakters in die roman wat die hoofkarakter ondersteun en sy eienskappe na vore bring
*Die belangrike karakters soos Karlien, Beesbal, Nicola en Aldi is newekarakters in die roman.*

**personifikasie –** ’n soort beeldspraak waar lewelose dinge menslike eienskappe kry
*“. . . die uitlaatpyp groet my met ’n oorverdowende gwah!” Die uitlaatpyp kan nie soos ’n mens iemand groet nie.*

**ruimte –** die agtergrond of plek waar gebeure in die verhaal plaasvind
*Daar is verskillende ruimtes in die roman, byvoorbeeld die skoolterrein en Dewald se ouerhuis.*

**sarkasme –** wanneer jy iets aan iemand sê met die doel om sy gevoelens seer te maak of met hom te spot
*Aldi vra vir Dewald die oggend na sy ma se afdanking: “Kon die huisvrou darem vanoggend vir jou toebies inpak?”*

**stereotipeer –** wanneer ’n persoon geoordeel word op grond van voorafopgestelde idees
*Meneer Bosman weet nie dat Aldi eintlik die een is wat gewelddadig was nie en neem sommer aan dat Dewald haar geslaan het, want hy kan nie glo dat ’n meisie ’n seun kan slaan nie.*

**subintrige –** ondergeskikte storielyne wat deel vorm van die verhaal (’n kleiner storie binne die verhaal)
*Mizel se troue en die konflikstituasie tussen Nicola en een van die gaste*

**slot –** die einde van die roman

*Die roman het ’n gelukkige einde. Dewald vind berusting en is gelukkig met Karlien as sy meisie.*

**teikenleser** – die persone wat die skrywer wil hê die verhaal moet lees
*Die teikenleser van die roman is tieners en mense wat geboelie word.*

**tema** – die sentrale boodskap of onderwerp
*Die tema handel oor boelies en die gevolge van boeliegedrag*

**terugflits** – ’n verwysing na iets wat in die verlede gebeur het
*Al die hoofstukke wat handel oor Nicola is terugflitse.*

**titel** – die naam van die roman
Vlerke vir almal *is die titel.*

**uiterlike konflik** – konfrontasie tussen karakters deur middel van woordewisselings, ’n geveg of ’n deurborende kyk
*Die konflik tussen Aldi en Dewald*

**uitsteltegniek** – die skrywer verklap nie dadelik waaroor sekere gebeure in die roman handel nie, spanning bou op en dit dwing die leser om verder te lees
*Die leser lees eers in Hoofstuk 13 wat met Nicola gebeur het.*

**verwikkeling** – die grootste gedeelte van die roman is die verwikkeling

**vertellersperspektief** – die skrywer gebruik ’n eerstepersoonsverteller uit wie se oogpunt die verhaal vertel word
*Dewald is die verteller, daarom word die verhaal vertel volgens sy waarneming van gebeure.*

**vergelykin**g – een saak word met ’n ander vergelyk; die woorde “soos”, “nes” of asof dui gewoonlik op ’n vergelyking
*Mizel lyk soos ’n prinses op haar troue.*

**vertelde tyd** – die totale tydperk waarin die verhaal afspeel

*Die vertelde tyd van die roman is ongeveer agt maande.*

**verteltyd** – die hoeveelheid bladsye wat gebruik word om die verhaal te vertel
*Die verhaal beslaan 136 bladsye.*

## 6. Woordverklarings

**Eiename se betekenis:**

| |
|---|
| **AK47:** Russiese gasgedrewe aanvalsgeweer wat aanvanklik tydens die Koue Oorlog deur soldate gebruik is in oorlogvoering. |
| **Animal Farm**: ’n Roman geskryf deur George Orwell wat handel oor plaasdiere wat rebelleer teen mense wat oor hulle lot besluit. Die varke, wat hulle as slimmer diere sien as die res, oorheers weer die ander diere. Daar word eintlik gespot met die Russiese Rewolusie en die kommunistiese samelewing. |
| Die **Arabierperd** is die oudste opreggeteelde perderas ter wêreld. |
| **Big Bang Theory** is ’n skreeusnaakse TV-reeks. |
| **Call of Duty** is ’n gewelddadige videospeletjie waar die speler ander persone moet doodskiet om die spel te wen. |
| **Candy Crush** is ’n gratis videospeletjie waar jy drie of meer van dieselfde kleur balletjies bymekaar moet pas om punte te wen en na die volgende vlak te vorder. Hoe verder jy vorder hoe moeiliker raak die opdragte. |
| Die **Dooie See** in Israel bevat die hoogste soutkonsentraat van enige watermassa ter wêreld daarom kan mens nie in die water sink nie en dryf net op die water. |
| Die **Eiffel-toring** is ’n staaltoring met ’n hoogte van 300 meter wat in Parys in Frankryk opgerig is tussen 1887 en 1889. |
| **Facebook Messenger** is ’n boodskapdiens op die sosiale netwerk, Facebook, waar jy persoonlike boodskappe aan ander persone kan stuur. |
| **Grimm-sprokie**: Twee broers, Jacob en Wilhelm wat bekendheid verwerf het vir sprokies soos Rooikappie, Sneeuwitjie en Hansie en Grietjie. |
| **Kuala Lumpur**: Hoofstad van Maleisië. |
| **M60**: masjiengeweer |
| **Magaliesburg:** ’n pragtige dorpie naby Johannesburg en Pretoria waar daar verskeie vakansieoorde is, geskik vir ’n wegbreeknaweek. |
| **Nelson Mandela** : Die eerste demokraties verkose staatspresident ná die apartheidsera. |
| Die **Nobelprys vir Vrede** is een van 5 Nobelpryse wat toegeken word. Dit word toegeken aan persone of instansies wat bydra tot die voorkoming van oorlogvoering en die totstandkoming van broederskap tussen nasies. |

| | 
|---|
| **Snoopy** is ’n fiktiewe hond van die strokiesprent "Peanuts". |
| **Superman** is ’n superheld van strokiesprente en films wat help met die bekamping van misdaad. |
| **Timboektoe:** ’n Antieke stad in Mali. |

**Die betekenis van vreemde woorde of begrippe:**

| Begrip in Afrikaans | Engels | Betekenis |
|---|---|---|
| **aan ’n lyntjie hou** | *to not give a direct answer* | nie eerlik te wees met iemand nie |
| **besemsnor** | *big mustache* | ’n man met ’n welige snor |
| **boekwurm** | *bookworm* | iemand wat daarvan hou om boeke te lees |
| **emo-outjies** | *emotional and sensitive person* | ’n emosionele of sensitiewe persoon / behoort aan die emo-subkultuur |
| **geliplock/gelipzip** | *kissed* | gesoen |
| **in die sewende hemel** | *7th heaven* | om baie bly te wees oor iets |
| **laatlammetjie** | *child born when the other is older / ’n child born long after the siblings* | ’n kind wat gebore word wanneer die moeder al heelwat ouer is/ ’n kind wat ’n hele paar jaar ná die ander kinders gebore word |
| **lewensvoos** | *very tired due to hard living conditions* | afgeremde voorkoms as gevolg van persoonlike probleme |
| **nog nie die memo gekry nie** | *uninformed about* | iemand wat oningelig is oor ’n sekere onderwerp |
| **poefter** | *rude way to refer to a homosexual* | minagtende verwysing na ’n sensitiewe, homoseksuele manspersoon |
| **skedonk** | *very old, battered vehicle* | omgangstaal wat gebruik word om na ’n ou, minderwaardige voertuig te verwys |
| **snotkop** | *rude way to refer to a inexperience youngster* | iemand wat nog nie veel van die lewe af weet nie / ’n onnosele snuiter |

| | | |
|---|---|---|
| **spring op sy perdjie** | *to become angry* | wanneer iemand hom vererg / kwaad word |
| **stop die lorrie** | *do not rush things* | Moenie so haastig wees nie / stadig |
| **touché** | *acknowledgement during a discussion of a good or clever point made at one's expense by another persoon* | Afgelei van Frans – toegegee /wanneer jy erken dat jou teenstander se opinie beter as joune is |
| **uit die kas kletter** | *to finaly admit that you are homosexual* | om jou status as 'n homoseksuele persoon bekend te maak / wanneer 'n meisie sê dat sy meer van meisies hou as van seuns as 'n lewensmaat |
| **übercool** | *supercool* | In Duits is "über" 'n voorvoegsel wat "baie" beteken |
| **vol van haar self** | *full of herself* | sy dink baie van haarself |
| **vuur en vlam** | *very passionate* | begeesterd / om passievol oor iets te wees |
| **wind uit my seile gehaal** | *took wind from my sails* | wanneer iemand jou verbaas |

**Die betekenis van Engelse woorde wat in die roman voorkom:**

| **Engels** | **Afrikaans** | **Betekenis** |
|---|---|---|
| affair | buite-egtelike verhouding | buite-egtelike verhouding |
| belt | gordel | 'n band wat om die middellyf gedra word |
| celebrity name masher | | 'n kombinasie van twee bekendes se name |
| complicated | ingewikkeld | wat moeilik is om te verstaan |
| date | afspraak | 'n reëling om iemand op 'n bepaalde tyd iewers te ontmoet |
| dragon slayer | draakslagter | die persoon wat die draak verslaan |

| | | |
|---|---|---|
| | | het. Figuurlik het Dewald vir Aldi verslaan. |
| honeymoon baby | wittebroodsbaba | ’n baba wat verwek is tydens die wittebrood (of vroeër) |
| laptop | skootrekenaar | ’n draagbare rekenaar wat jy oral kan gebruik |
| mindset | ingesteldheid | houding of gevoel oor ’n saak |
| monotone | monotoon | eentonig / vervelig – soos wanneer iemand op dieselfde stemhoogte praat |
| photo bombs | fotoflaters | met opset veroorsaak dat ’n professionele foto wat geneem word, ’n flop is |
| plastic smile | kunsmatige glimlag | om voor te gee dat jy glimlag sonder om werklik emosie te toon |
| psycho | psigopaties | ’n abnormale of sielsiek persoon |
| retrenchments | afleggings | persone word afgedank as gevolg van finansiële probleme van ’n maatskappy (posbesnoeiing) |
| reverse | tru | om agter uit te ry |
| shortcomings | tekortkomings | ’n gebrek of swakheid van ’n persoon |
| unicorn | eenhoring | ’n fabelagtige of mitologiese dier met een horing |

**Woordverklarings:**

| **Afrikaans** | **Engels** | **Betekenis** |
|---|---|---|
| aangetrokke | attracted | om bekoor te word deur iemand |
| albaster | marble | ’n glasballetjie waarmee ’n speletjie gespeel word |
| aspris | on purpose | met opset / doelbewus of moedswillig doen |
| besetene | mad man | soos ’n mal mens |

| | | |
|---|---|---|
| beskeie | modest | nederige persoon |
| bevoorreg | privileged | in ’n beter posisie as ander persone |
| boelie | bully | iemand wat sy krag of mag gebruik om ’n swakker of kleiner persoon seer of bang te maak |
| borg | sponsor | ’n maatskappy of persoon wat geld voorsien in ruil vir advertensies |
| braaf | brave | dapper/moedig/onverskrokke |
| braaitang | barbecue tongs | knyptang om vleis of wors op die rooster om te draai |
| brommer | hummer | ’n blougroen vlieg wat sy eiers veral in vleis of wonde lê |
| dinosourus | dinosaur | pre-historiese reptielagtige dier /reuse reptielagtige dier wat miljoene jare gelede op aarde geleef het |
| diskreet | discreet | versigtig wees sodat jy geen geheime verklap nie |
| draak | dragon | letterlik: ’n vuurspuwende monster met vlerke<br>figuurlik: ’n kwaai onvriendelike persoon |
| gedaanteverwisseling | transformation | ’n groot verandering |
| geldmaakspul | money making scheme | om op ’n skelm manier geld te maak |
| geselsvenster | chat window | ’n spasie op ’n rekenaarskerm wat gebruik word om met ’n ander persoon te kommunikeer; die persone kan reageer op die teksboodskap van die sender |
| godslasterlik | blasphemy | wat die eer van God aantas |
| grafsteen | tombstone | ’n granietsteen op die graf van ’n oorledene met sy naam, geboorte en sterfdatums |

| | | |
|---|---|---|
| grimering | makeup | gekleurde poeiers en rome wat veral vroue gebruik om aantrekliker te lyk |
| grynslag | grin /smirk | ’n valse, sarkastiese glimlag wat op minagting dui |
| haatspraak | hate speech | iets wat in die openbaar of op sosiale media gesê word wat as wreed teenoor ’n groep of persoon gesien word |
| hakkel | stuttering | moeilik praat omdat jy nie kan help om die eerste klank van ’n woord oor en oor te sê nie |
| handleiding | manual | ’n boek wat vir jou verduidelik hoe om iets te doen |
| harsingskudding | concussion | ligte skade aan die brein as gevolg van ’n harde stamp teen die kop |
| homp | chunk | ’n groot dik stuk |
| hyskraanarm | crane arm | ’n hyskraan is ’n toestel waarmee jy swaar voorwerpe kan oplig |
| ietermagog | pangolin | die soogdier se lyf is oordek met harde horingskubbe (Nomaswazi gebruik die woord as ’n kragwoord wanneer sy skrik) |
| invloedryk | influential | wat ’n groot invloed op mense het en hulle kan dwing om iets te doen wat hy gedoen wil hê |
| kafeteria | cafeteria | ’n eetplek by ’n skool of hospitaal waar ’n mens kos kan koop en by ’n tafel kan sit om die ete te geniet |
| kapsie | objected | ’n beswaar wat jy teen iets maak |
| kattekwaad | mischief | ondeundheid (stoutigheid) van jong kinders |
| kletter | clattered | skerp herhalende geluid maak (Nicola gebruik die woord i.p.v. “klim”, om die impak wat ’n bekentenis dat sy gay |

| | | |
|---|---|---|
| | | is op haar ouers sal hê te beklemtoon) |
| koets | carriage | ’n spesiale rytuig van hooggeplaastes of koninklikes wat deur perde getrek word |
| koggel | mime rudely | om iemand minagtend te terg / om iemand te terg met die doel om hom seer te maak |
| korrigeer | correct | ’n fout regstel of verbeter |
| kragopwekker | generator | ’n masjien waarmee elektriese krag opgewek word |
| kuberboelie | cyber bully | iemand wat sosiale media gebruik om emosionele skade aan te rig |
| lemmetjie-skommel | lime milkshake | ’n soet melkdrankie wat met roomys en ’n groen stroop gemaak word |
| naboots | mimic | ’n voorstelling van die oorspronklike |
| oepsie | mistake | ’n klein foutjie |
| oordrewe | exaggerated | buitensporig / om iets erger te maak as wat dit is |
| Oukersaand | Chrismas Eve | 24 Desember, die aand voor Kersfees wanneer daar volgens die Christelike tradisie vir mekaar geskenke gegee word |
| platejoggie | DJ / disk jockey | iemand wat die musiek by ’n funksie verskaf |
| revue | revue | ’n vermaaklike toneelstuk wat sang en dans insluit |
| sanik | nag | tot vervelens toe herhaal/ aanhoudend kerm |
| sekte | sect | ’n kleiner groep mense wat van ’n sekere geloof afstand gedoen het en hul eie vertolking van ’n godsdiens het |

| | | |
|---|---|---|
| skoolsielkundige | school psychologist | sekere skole het opvoedkundige sielkundiges wat opgelei is om leerlinge te help om persoonlike of emosionele probleme te hanteer en op te los deur terapie. |
| skors | expell | om iemand te verbied om die skool by te woon as ’n straf |
| slagoffer | victim | iemand wat benadeel word deur ’n ander persoon |
| slimfoon | smartphone | ’n moderne selfoon wat baie funksies het wat soortgelyk is aan ’n rekenaar, soos internettoegang en ’n raakskerm (touchscreen) en die moontlikheid om toeps (apps) af te laai en te stoor op die selfoon. |
| spog | brag | met trots praat oor ’n besitting of ’n prestasie |
| tatoe | tattoo | ’n prent of ontwerp permanent op jou vel laat aanbring deur ’n naald wat gaatjies op jou vel maak en met gekleurde ink gevul word |
| teenwoordige tyd | present time | asof dit nou gebeur |
| terugblik (terugflits) | flash back | dit wat vooraf gebeur het / ’n blik op die verlede |
| toep | app. /application | sagteware program wat sekere take of aktiwiteite kan uitvoer |
| treur | mourn | om hartseer te wees |
| vasbeslotenheid | determination | om iets te besluit en daarby te hou |
| vegan | vegan | iemand wat nie vleis of ander diereprodukte soos eiers of kaas eet nie |
| vermakerig | spiteful | om dit te geniet om ander te (terg) tart en hartseer te maak |

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | | |
|---|---|---|
| vernis | varnish | ’n soort verf wat oor ’n voorwerp aangewend word om glans te verskaf |
| verpes | bother | om iemand te treiter of te terg |
| vlerksleep | court | om na ’n meisie te vry |
| vulkaan | vulcano | vuurspuwende berg |
| vuvuzela | vuvuzela | ’n blaasinstrument wat uit plastiek gemaak is en soos ’n trompet lyk en ook ’n baie harde klank maak |
| wagwoord | password | ’n kode wat bestaan uit ’n woord of ’n kombinasie van syfers, letters en spesiale karakters wat die gebruiker identifiseer en toegang gee tot ’n toestel soos ’n rekenaar of ’n e-posadres |
| welgestelde | wealthy | ryk |
| wipneusie | tip-tilted nose | ’n neus waarvan die punt effens na bo gebuig is |

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## 7. Memorandum

## HOOFSTUK 1

1.1 ’n ouer model voertuig / ’n ou motor √ (1) [2]

1.2 b) metafoor √ (1) [3]

1.3 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, want ’n mens moet in graad 10 reeds jou vakkeuse maak en graad 11 is ’n belangrike voorbereidings jaar vir graad 12, jy kan nie in graad 11 ’n nuwe vak kies omdat ’n sekere skool dit nie aanbied nie. / Dit is moeilik om in graad 11 by ’n nuwe skool te begin, want jy moet nuwe vriende maak en gewoond raak aan nuwe onderwysers wie se onderrig dalk heeltemal verskil van dit waaraan jy gewoond was in die vorige skool.
of
Nee, Dit is deesdae glad nie snaaks indien iemand in graad 11 van skool verander nie. Jou ouers moet soms verhuis as gevolg van beter werksaanbiedinge en dus het die kinders nie ’n keuse om van skool te verander nie. / Daar is baie skole wat dieselfde vakke aanbied en boonop is die kurrikulum dieselfde vir alle staatskole. ’n Graad 11-leerling kan maklik aanpas en nuwe vriende is ’n bonus. / ’n Mens kry aanlyn-tutors om jou te help in die meeste vakke en in die meeste stede en dorpe is daar persone wat namiddae ekstra klasse aanbied. √ (1) [4]

1.4 By Bert Visser (die skoolsielkundige) √ (1) [1]

1.5 Die leser kan aflei dat hy ’n ernstige probleem of geestestoestand het waarvoor hy professionele hulp nodig het. √ (1) [3]

1.6 Hy hakkel / hy praat stotterend (Hy is ’n hakkelaar/stotteraar/stamelaar) √ (1) [1]

1.7 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, in sekere skole waar sport baie belangrik is, het die eerste span rugbykaptein soms meer aansien as die hoofseun / Meisies hou steeds van seuns met spiere en wat goed lyk / Die seuns wat skaak speel, is soms baie ernstig

en meisies wil graag net ontspan en kyk hoe hulle held op die sportveld rondhardloop. √

of

Nee, tieners is nie meer vandag so ingesteld op die uiterlike soos in die verlede nie. Die persoonlikheid van ’n seunsvriend is belangriker as spiere. (1) [4]

1.8 ongeëergdheid / selfstandigheid / Hy laat nie toe dat iemand hom intimideer nie. √ (1) [3]

1.9 Juffrou Barkhuizen is ’n klein vroutjie met ’n grys hare, maar sy het ’n baie sterk persoonlikheid. √ (1) [3]

1.10 Onwaar. √ (1) [2]

**[10]**

**HOOFSTUK 2**

2.1 Sy is sestien √ (1) [1]

2.2 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy het dalk nie gedink dit is nodig nie, want Nicola was so swaar grimeer dat sy baie ouer gelyk het. / Hy is dalk gewoond om minderjariges, sonder die toestemming van hulle ouers, as kliënte te kry / Hy is daarop ingesteld om geld te maak en gee nie om wat die ouderdom van sy kliënte is nie./(LW: Daar is geen wet in Suid-Afrika wat die tatoeëring van minderjariges verbied nie, dit hang dus af van die tatoeëerder se integriteit af of hy ’n identiteitsdokument wil vra voordat hy ’n persoon tatoeëer.) √ (1) [4]

2.3 Hy is ’n groot man en albei sy arms is vol tatoeëermerke. √ (1) [3]

2.4 Dit is haar gunsteling insek √

Sy noem vir Dewald “Schmetterling” wat die Duitse woord vir skoenlapper is en sy sal altyd aan hom dink wanneer sy die tatoeëermerk sien. √ (2) [2]

2.5 Die voorblad het ’n prent van ’n seun op met skoenlapper vlerke en ’n skoenlapper op die agtergrond, die titel verwys ook na vlerke √ Nicola het ’n tatoeëermerk van ’n

skoenlapper√ / Nicola rebelleer teen haar ouers en voel vry wanneer sy die tatoeëermerk van die skoenlapper kry. / Die seun op die voorblad het vlerke en voel ook vry om te vlieg soos deur die titel aangedui word. √

(3) [3]

2.6 As sy nie hou by die voorskrifte nie, kan haar vel ontsteek en sal sy baie pyn hê. √

(1) [2]

2.7 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, dit is te pynlik. / ’n Mens kan infeksies kry. / Jou kêrel kan jou verneuk en dan is sy naam op jou vel getatoeëer en jy moet dit dan ten duurste verwyder. √

of

Ja, dit maak jou uniek. / Jy kan iemand vir wie jy baie lief is se naam op jou lyf laat tatoeëer om te wys hoe lief jy vir hom of haar is. / Dit is ’n soeke na identiteit, deur die tatoeëring wys jy jou persoonlikheid. √

(1) [5]

**[10]**

**HOOFSTUK 3**

3.1 Patat √ (1) [1]

3.2 Sy sit vir hom briefies in sy kosblik. / Sy staan in die nag op om in sy kamer te kom kyk of alles reg is. √ (1) [2]

3.3

3.3.1 c) die boelie van die skool √

3.3.2 d) ’n pragtige blonde meisie √

3.3.3 b) die grapjas √

3.3.4 a) sy kan lekker lag √ (4) [3]

3.4 Hy het die naam gekry omdat hy ’n bal gehad het met ’n Hey Diddle Diddle-koei wat oor die maan spring. Hy het sy “beesbal” oral saamgedra en almal het hom Beesbal begin noem.√ (1) [2]

3.5 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy kan verskoning vra en vir haar sjokolade koop. √ Nee, want hy weet dat hy niks verkeerd gedoen het nie en het nie nodig om verskoning te vra nie. √

(2) [5]

3.6 Dit is die titel van ’n roman (van George Orwill.)√ (1) [2]

**[10]**

**HOOFSTUK 4**

4.1 Vergelyking. √ (1) [2]

4.2 Sy probeer die gesprek lei na die geheim wat sy aan hom wil vertel. / Sy is onseker oor haar eie seksualiteit en wil seker maak of sy werklik homoseksueel is. √

(1) [3]

4.3 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek sal my ma (pa/suster/vriend) daarvan vertel, want ek vertrou haar (hom) met alles. √

(1) [3]

Sy is bang dat haar ouers en/of suster dit nie sal aanvaar nie en dat hulle haar sal verwerp. √ (1) [4]

4.4 Hy is verbaas/geskok, maar oordeel haar nie en bly net stil. √ (1) [2]

**[5]**

**HOOFSTUK 5**

5.1 luiheid / oneerlikheid √ (1) [3]

5.2 baie √ (1) [3]

5.3 VNV Nation √

Poets of the Fall √ (2) [2]

5.5 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy is dalk aangerand / was in ’n ongeluk. √

(1) [4]

5.6 Hy voel gespanne / hy wil nie daaroor praat nie. √ (1) [3]

5.7 Hy het nie gedink dat volwassenes van dieselfde musiek as tieners sal hou nie. √

(1) [3]

5.8 Onwaar √ (1) [2]

Hy is gebreek (stukkend) as gevolg van ’n traumatiese gebeure op Oukersaand 2013 en dink nie dat hy weer dieselfde sal wees as tevore nie/ Al kry hy sielkundige hulp, glo hy dat hy nie sal herstel nie. √

(1) [3]

5.9 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hy plaas geen druk op hom nie en stel hom op sy gemak om oor dinge te praat waarvan hy hou. √

(1) [4]

**[10]**

**HOOFSTUK 6**

6.1 Sy het ’n ring met ’n ’n diamant so groot soos ’n R1-stuk / Die bruidskar was ’n koets met opregte Arabierperde/ Die verteller deel die leser mee dat hy ’n welgestelde man is.√ (2) [1]

6.2 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit gaan nie oor die duurste troue nie, maar oor die paartjie wat trou en vir altyd aanmekaar trou beloof. / Dit is nie ’n kompetisie nie, maar ’n belangrike dag in jou lewe wat jy met vriende en familie deel. √ Die belangrikste punt van die huwelikseremonie is dat die paartjie aan mekaar en voor God belowe om altyd bymekaar te wees. √

(2) [5]

6.3 Sy bedoel die dag as sy vir haar ouers en suster vertel dat sy homoseksueel (gay/lesbies) is./aangetrokke is tot dieselfde geslag as sy / nie belangstel in ’n man as ’n lewensmaat nie. √

(1) [3]

6.4 Sy is selfgesentreerd / ego-sentries / sy dink baie van haarself / Sy is vol van haarself √

c) dit wat ander karakters van haar sê √ (2) [3]

6.5 Dit handel oor Barend wat homoseksuele persone (die moffie-haarkapper) stereotipeer as swak / omdat Barend die “moffie-haarkapper” as iemand wat nie homself kan verdedig nie afmaak/ omdat Barend neerhalend van homoseksuele persone praat. √ (1) [2]

**[8]**

**HOOFSTUK 7**

7.1 Andries /Beesbal √ (1) [1]

7.2 Hy is later in die skoolgesit omdat hy in Desember verjaar. √ (1) [2]

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hy verskil maar ’n paar dae van die kinders wat in Januarie die volgende jaar verjaar en amper ’n hele jaar van die kinders wat in dieselfde jaar as hy gebore is. √

of

Nee, hy verloor ’n hele jaar wat hy vroeër kon klaarmaak met skool, begin studeer of kon geld verdien. √ (1)[ 3]

7.3 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, die verkeersafdelings is korrup en omkoopbaar. Die tipe korrupsie was al baie in die nuus en sommige verkeersafdelings is al tydelik gesluit, hangende ’n ondersoek.√

of

Nee, daar is net drie vraestelle en jy kry een van die vraestelle, dit is onmoontlik dat daar met die vraestelle gepeuter kan word. √

Ander redes, byvoorbeeld: Kinders leer nie hard genoeg om te slaag nie en maak verskonings op. /Sommige van die vrae vereis redenasie of ’n hoër begripsvermoë en sommige mense sukkel daarmee. / Die verkeersafdeling stel hoë standaarde sodat die ongeluksyfer op Suid-Afrikaanse paaie beperk kan word. √

(2) [4]

7.4 Hy het gesê dat sy self vir die volgende toets moet betaal indien sy weer druip.

(1) [1]

7.5 Frans. (1) [3]

7.6 Ja, dit sal haar motiveer om selfvertroue te hê en te glo dat sy sal slaag.

of

Nee, as sy nie hard genoeg geleer het nie sal sy weer druip, al glo sy dat sy sal slaag. (1) [3]

7.7 “Nomaswazi is goed met al hierdie dinge, maar wraggies nie met verkeersreëls nie” /“so rigtingbeduiweld dat sy nie kan onthou waar links of regs is nie.”/ “My ma weier om saam met my in die kar te klim na die klein oepsie” / “teen ’n boom reverse”/ “hoe meer sy skree ek moet stadiger, hoe meer trap ek die petrol” (enige een)√

(1) [3]

7.8 Albei het ’n afbeelding van ’n skoenlapper op. (1) [2]

**[10]**

**HOOFSTUK 8**

8.1 Sy bak vir hom ’n Spiderman-koek vir sy sewentiende verjaarsdag. / Sy vertel vir almal hy is haar “baby”/ “Ek kan nie glo ons baby is al sewentien nie!” √

(1) [3]

8.2 Dit verwys na die Wêreldbeker sokkertoernooi wat in 2010 in Suid-Afrika aangebied is. Almal het vuvuzelas aangeskaf as aandenking en om daarop te blaas by die stadions. √

(1) [3]

8.3 8.3.1 c √

8.3.2 d √

8.3.3 a √

8.3.4 e √

8.3.5 b √

(5) [2/3]

8.4 Sy is bang hulle sal nie verstaan nie en haar veroordeel of verwerp. / Sy is self nog onseker oor haar eie seksualiteit.√ Ja, Dewald se ouers is liefdevol en gee baie om vir Nicola, hulle het begrip vir tieners en gee om. √

(2) [4]

8.5 Hy was die eerste demokratiese verkose staatspresident van Suid-Afrika/ Hy het Suid-Afrika gelei tot demokrasie / Hy het vrede en samewerking onder alle nasies in Suid-Afrika bepleit. (enige ander aanvaarbare antwoord) √

(1) [3]

**[10]**

**HOOFSTUK 9**

9.1 Sy is groter/sterker as hulle./ Almal vrees haar omdat sy ’n boelie is. / Sy het al ’n seun geslaan met die vuis. / Haar pa is invloedryk en kan sorg dat jou ouers afgedank word by die werk. √

(1) [1]

9.2 metafore √

Sy is baie sterk (sy kan jou in die lug optel) √ (2) [3]

9.3 Sy sê vir die meisie dat sy vir almal by die skool sal vertel van haar pa se buite-egtelike verhouding. √ Sy sê vir Dewald dat sy sal sorg dat sy ouers hulle werk verloor. √

(2) [2]

9.4 Sy skryf dit toe aan Dewald se motivering. / Sy het die geloof van 'n skoenlapper gehad en geglo dat sy sal slaag.√ (1) [2]

9.5 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: 'n Besoek aan die ouetehuis in die dorp waar elke leerling 67 minute tyd aan 'n bejaarde moet afstaan deur byvoorbeeld vir die persoon te lees. √

(1) [5]

9.6 Juffrou Du Rant het gesê hulle moet in groepe gesels oor hoe om van die wêreld 'n beter plek te maak. √ Dewald het voorgestel dat hulle 'n geheime anti-boelie ondersteuningsnetwerk, Schmetterling moet stig. √

(2) [2]

9.7 Dit is belangrik om dit geheim te hou sodat boelies dit nie kan infiltreer nie. / sodat die wat aansluit veilig kan voel. √ (1) [4]

**[10]**

**HOOFSTUK 10**

10.1 Vir sy ma 'n boek √ en vir sy pa 'n nuwe swembroek. √ (2) [1]

10.2 Sy hou van niks wat duur is nie en dit is makliker om duur geskenke te kry as iets wat goedkoop en steeds waardevol is. √ Enige aanvaarbare antwoord wat daarop dui dat die geskenk goedkoop is, byvoorbeeld: 'n mooi foto van 'n skoenlapper, potlode of penne met 'n skoenlappermotief. √

(2) [3]

10.3 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Daar is baie skelm mense wat hulle voordoen as goeie persone en dan is hulle eintlik misdadigers. / Skelm persone kan al jou

persoonlike inligting bekom en dan by jou huis inbreek. / Hulle kan meisies mislei en ontvoer of misbruik.√

(1) [4]

10.4 b) Sy vrees haar ouers se reaksie en wil hulle nie vertel van haar seksuele voorkeur nie. √

(1) [2]

10.5 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, want as jy op skool is, sal die meeste leerlinge jou verwerp omdat jy "anders" is. √

of

Nee, jy is in beheer van jou eie lewe, dit gaan oor jou geluk. 'n Mens kan nooit volhou met 'n leuen nie, een of ander tyd sal die waarheid uitkom. (1) [5]

10.6 Sy het 'n vriendin op die internet ontmoet by wie sy aanklank vind/ Sy het vir Yolandi ontmoet en hulle kom goed oor die weg. √ (1) [2]

10.7 Sy laat haar lag / sy verstaan vir Nicola / sy laat haar goed voel / sy laat haar mooi voel/ sy maak haar gelukkig. (enige 2) √√ (2) [3]

**[10]**

**HOOFSTUK 11**

11.1 "hardloop soos 'n rysmier op 'n warm plaat met bakke vol snacks rond." √

(1) [3]

11.2 Hy vertrou nie vir Dewald om self te braai nie / Hy is bang hy laat brand die vleis. / Hy beskou vir Dewald as 'n onkundige kind.√ (1) [3]

11.3 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: My ouers het nie 'n probleem daarmee nie, want hulle weet hulle kan my vertrou. √

(1) [5]

11.4 Hulle wil vir diegene wat geboelie word by die skool ’n kaartjie gee met besonderhede van Schmetterling sodat hulle kan aansluit by die netwerk. √

(1) [2]

11.5 1 – i √ 3- e √ Dit is vir sekuriteit- of veiligheidsredes/ dit is moeiliker om te ontsyfer omdat daar syfers inplaas van letters is. / om jou privaatheid te beskerm, moet jou ’n sterk wagwoord skep.√

(3) [2]

11.5 Die hoofdoel van Schmetterling is om mense wat geboelie word te leer om op te staan vir hulleself en om die boelies te stop. √ (1) [2]

11.6 c) ’n samestelling van verskillende foto’s om ’n nuwe weergawe te skep √ (1) [3]

11.7 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Groet vriendelik as jy ’n boelie sien en beweeg aan. Die boelie sal geëerd en tevrede voel en jou uitlos. (1) [5]

**[10]**

**HOOFSTUK 12**

12.1 Sy het vir die kinders vertel van Clarissa se pa se buite-egtelike verhouding. √

Sy het dit gedoen omdat Dewald vir Clarissa gered het toe Aldi haar wou seermaak/ omdat Clarissa nie vir haar geld gegee het nie. √

(2) [2]

12.2 Jy is in beheer van jou eie lewe. (of soortgelyke antwoord) √ (1) [3]

12.3 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, want ’n mens het nie beheer oor ’n veldbrand nie en dit versprei vinnig as jy dit nie keer nie, net so kon die boelies dit nie keer nie. / Die ledetal het binne ’n dag toegeneem en niemand kon dit keer nie. √

(1) [4]

12.4 Hy wil nie aanvaar dat Nicola dood is nie. / Hy leef in ontkenning oor Nicola se dood. / Dit is vir hom te traumaties en hy weier om te aanvaar dat sy dood is. √

(1) [3]

**[5]**

## HOOFSTUK 13

13.1 "My ma is soos gewoonlik weer laat.." √ (1) [2]

13.2 Sy ma het hard gegil. √ Sy ma huil op 'n vreemde manier /soos die dag toe ouma Lientjie dood is. √ (2) [2]

13.3 Hy weier om dit te glo en hardloop self na Nicola se huis om te gaan kyk of dit werklik die waarheid is. / Hy dring daarop aan om Nicola se lyk te sien / Hy vat haar geskenk saam om dit vir haar te gee. √

(1) [3]

13.4

13.4.1 'n halfuur √ (1) [1]

13.4.2 personifikasie √ (1) [3]

13.4.3 die ambulansligte ( tekens van dood) teenoor die Kersliggies (herdenking van Christus se geboorte) √

(1) [3]

13.5 Daar is diep krapmerke aan haar nek wat toon dat sy van besluit verander het en wou lewe. / Die krapmerke aan haar nek toon dat sy dalk die gordel (belt) wou afhaal, maar sy kon nie, want sy was te swak en dit was ongelukkig te laat. √

(1) [3]

13.6 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Haar ma het die kommunikasie van Nicola en Yolandi gesien en gesê sy mag nie verder met haar gesels nie anders moet sy ander blyplek gaan soek. √

(1) [4]

13.7 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die skok van Nicola se dood was so groot dat hy nie meer wou praat nie. √ (1) [5]

**[10]**

**HOOFSTUK 14**

14.1 Hulle het internasionale lede √ Ouers het by die groep aangesluit en gee raad/ een ouer is bereid om gratis selfverdediging-klasse aan te bied. √

(2) [2]

14.2 Hy is omgekrap omdat meneer Visser vir hom daarop gewys het dat hy van Nicola in die teenwoordige tyd praat. / Hy wil nie aanvaar dat Nicola dood is nie. √ (1) [3]

14.3 Die Nobelprys vir vrede word toegeken aan mense wat bekendheid verwerf vir ’n daad wat wêreldvrede bevorder, soos ’n staatspresident of internasionaal bekende figuur wat ’n daadwerklike verskil gemaak het om broederskap tussen nasies te bevorder of om te verhoed dat mense oorlog voer. / Hulle anti-boelie ondersteuningsnetwerk is baie klein en hulle bied net emosionele ondersteuning wat niks met oorlog of broederskap tussen nasies te doen het nie, daarom is dit nie vergelykbaar daarmee nie. √ (1) [3]

14.4 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy beskou vir Nicola as privaat besit en wil nie sy herinneringe aan haar met hulle deel nie. / Hy is bang hulle spot hom omdat hy van haar praat asof sy nog leef. √ (1) [4]

14.5 Sy het Nicola se skootrekenaar saamgebring om vir Dewald te gee. (1) [1]

14.6 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Albasters het wel kleur, maar dit is net stukkies glas en het geen lewe nie en tannie Judy se oë lyk ook asof dit geen lewe het nie. √

of

Nee, albasters is iets waarmee kinders graag speel en dit pas nie binne die konteks van die hartseer oë van tannie Judy nie. √ (1) [4]

14.7 Dit skootrekenaar verteenwoordig ’n deel van Nicola en Dewald se lewe saam. / Daar is musiek, foto’s , gediggies en planne op van Nicola en Dewald. /Dit is ’n digitale weergawe van hulle lewe saam. √

(1) [3]

14.8 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Skoenlapper. √ (1) [3]

14.9 Onwaar. √ (Hy worstel self met die vraag.) (1) [2]

**[10]**

**HOOFSTUK 15**

15.1 15.1.1 d √

15.1.2 a √

15.1.3 e √

15.1.4 b √

15.1.5 c √ (5)[2/3]

15.2 Nomaswazi. √ Drieduisend lede √ (2) [1]

15.3 Haar agent by die modelagentskap dreig dat sy haar kontrak sal verloor indien sy gewig aansit. √ (1) [3]

15.4 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is ’n baie ernstige oortreding en dit sal losbandigheid op die skoolterrein bevorder. Of Dit is glad nie so ’n ernstige oortreding nie, dit is net ’n manier om gevoel te wys en is soortgelyk aan die drukkies van Nomaswazi. √ (1) [5]

15.5 Meneer Visser het vir Dewald opgekom en toe die skoolhoof hoor dit is Dewald, die seun met die hakkel-probleem, het hy besluit om hulle te laat gaan en net te waarsku. √ (1) [3]

15.6 Aldi het na skool vir hom gesê dat iets vir haar baie lekker was en hy sal later sien wat sy bedoel / sy het gesê dat niemand met haar mors nie, wat daarop dui dat sy wraak geneem het. √ (1) [3]

15.7 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek sal dit by die skoolhoof rapporteer en hom alles vertel. √ Ek dink nie ’n leerling is in staat om ’n volwassene aan te vat nie en die skoolhoof sal die beste weet hoe om die situasie te hanteer. √

(2) [5]

15.8 Hy vertel vir Beesbal (Andries) √ Hy sê vir Dewald om dit vir hom te los , hy sal die saak op sy manier hanteer. √ (2) [2]

**[15]**

**HOOFSTUK 16**

16.1 Persoonlike opinie: Ja, voordeel - dit sal slagoffers verenig sodat hulle kan saamstaan teen boelies. √ nadeel – boelies kan hulle voordoen as slagoffers en dan kan die netwerk ineenstort / as boelies weet wie die slagoffers is, kan hulle dalk nog erger geboelie word. √ (2) [3]

16.2 Nee, hy het gaan sit en Aldi het hom uitgelok. √ Hy was kwaad. √ of

Ja, hy het die vorige aand gedink hoe hy haar gaan terugkry oor wat sy gedoen het. Toe hy haar sien en sy bevestig dat sy agter sy ma se afdanking sit, het hy sy plan uitgevoer. √ Hy het sy selfbeheersing verloor en wou haar ook seermaak √

(2) [2]

16.3 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hy het albei gestraf, want hulle albei het verkeerd opgetree en die skoolrëels oortree. √ of
Nee, hy het nie al die feite gehad nie. Dewald het net vir Aldi gestamp terwyl sy hom vyf keer met die vuis geslaan het. Sy moes ’n swaarder straf as Dewald gekry het. /Die skoolhoof is bevooroordeeld /seksisties en kan nie dink dat ’n vrou ’n man kan slaan nie. √ (1) [4]

16.4 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hy kon Aldi se pa en Magdel Myburgh se hoof na sy kantoor ontbied het en die saak uitgeklaar het. / Hy kon die korrupsie by die owerhede of die onderwysdepartement aangemeld het. √

(1) [5]

16.5 Sy is die grootste boelie en almal is bang vir haar, dit is eintlik die ander leerlinge wat onveilig voel wanneer sy by die skool is. √ (1) [3]

16.6 Dewald ontdek waarom sy selfdood gepleeg het. √ Hy is gebroke (hartseer) en huil vir die eerste keer oor Nicola se dood. √ (2) [2]

16.7 Die reël van geheimhouding, want hy gebruik mense se regte name in plaas van skuilname / hy moedig geweld aan deur Aldi se besonderhede op die blad te sit in plaas daarvan om geweld en boelies stop te sit. √

(1) [3]

**[10]**

**HOOFSTUK 17**

17.1 Hy het die wraaksugtige inskrywing van Beesbal op die forum uitgevee. √ (1) [1]

17.2 Schmetterling se doel is om mense te laat veilig voel en te verseker dat alles op die blad geheim is, maar nou het hy regte name gebruik en mense aangemoedig om vir Aldi te treiter. √

(1) [3]

17.3 Hy kan nie glo dat Aldi se ma haar aanrand nie. / Hy is verbaas dat Aldi toelaat dat haar ma haar slaan en dat sy so swak lyk. √

(1) [2]

17.4 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Dewald wou vrede maak, hy was nie daar om met haar te baklei nie. / Hy het gesien dat sy in staat was tot moord en dat dit beter sou wees om te vlug. / Hy wou haar nie seermaak nie. √

(1) [4]

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

17.5 Dit skep afwagting / die spanning bou op / Die uitsteltegniek veroorsaak dat die leser nuuskierig bly en verder lees om uit te vind wat verder gaan gebeur. √ (1) [3]

**[5]**

**HOOFSTUK 18**

18.1 Sy ma √ en Karlien √ (2) [1]

18.2 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy was dalk bang dat Dewald sal doodgaan en dat sy sal moet tronk toe gaan vir moord. / Sy het nie kans gesien om huis toe te gaan nie omdat sy bang is vir haar ma. √

(1) [4]

18.3 Sy sê dat hy en Karlien ’n paartjie (item) is √ Hy is baie bly en sê vir Karlien hy wil graag haar ou wees. √ (2) [2]

18.4 a) innerlike konflik √ (1) [3]

18.5 Dewald het ’n hakkel-probleem/ Hy worstel nog met die vraag waarom Nicola hom nie genader het toe sy ’n probleem gehad het nie. / Hy voel skuldig omdat hy nie vir Nicola teen die kuberboelie kon help nie. √ Die skoenlappergebaar wat Karlien en die ander in die saal gemaak het. / Herrinneringe aan Nicola wat vir hom sê dat sy vir hom lief is. √ (2) [3]

18.6 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy was bereid om Dewald hospitaal toe te dra en dit wys dat sy omgee. / Aldi was self ’n slagoffer van geweld, want haar ma het haar geboelie, daarom sou ek help om haar op te spoor, want almal verdien ’n tweede kans. √ (1) [5]

18.7 Almal wat geboelie word √ (1) [3]

**[10]**

Onderwysersgids saamgestel deur Hettie van Zyl, 2018. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 19**

19.1 Hy vind berusting deur haar graf te besoek en afskeid te neem van haar. / Hy aanvaar dat sy dood is, hy "praat" met haar en neem so afskeid van haar.√ (1) [3]

19.2 Hy vertel haar dat haar ma nog swaarkry / hy het haar gesin vertel waarom sy selfdood gepleeg het (maar haar geheim bewaar). / Hy en meneer Visser het vir Yolandi ontmoet en meneer Visser het vir haar gehelp. / Sy pa het die stasiewa verkoop./ Sy ma het werk gekry. / Hulle het vir Aldi opgespoor en daar gaan 'n saak teen haar ma gemaak word. √√(enige 2)

(2) [1]

19.3 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, sy was verantwoordelik vir iemand se dood, dit is so goed sy het moord gepleeg. Sy sal vir die res van haar lewe met selfverwyt rondloop as gevolg van wat sy vir Nicola gesê het. √

(1) [4]

19.4 b) is die embleem van Schmetterling
(Die embleem van Schmetterling is 'n meisie met haar wysvinger voor haar mond en 'n blou skoenlapper op die punt van haar vinger.) (1) [3]

**[5]**

**Memorandum – konsepvraestel**

1.

1.1 Die Spur (iewers in Johannesburg). √ (1) [2]

1.2 Dewald het sy leerlinglisensie gekry. √
Hulle vier Dewald se sewentiende verjaarsdag. √ (2) [2]

1.3 Hulle het die heeldag babaklere in die winkels gesoek vir Mizel se baba wat op pad is en was te moeg om saam te gaan. √
Hy dink dat hulle te snobisties (grand) is om in 'n Spur gesien te word. √ (2) [3]

1.4 eerstepersoons- verteller √ die leser √ (2) [2]

1.5

1.5.1 vergelyking √ (1) [3]

1.5.3 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is effektief, want dit beklemtoon dat die Myburgh's nie kan swem nie, al swem hulle in die Dooie See, sal hulle steeds sink.

Of

Dit is nie effektief nie, want dit is onmoontlik dat iemand nie sal dryf in die Dooie See nie, want die soutinhoud van die water is te hoog. √ (1) [4]

1.5.4 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, indien iemand nie kan swem nie en beangs raak, kan hy begin spartel en nie besef dat die water vlak genoeg is dat hy daarin kan staan nie. of

Nee, die water in 'n "baby pool" is baie vlak (enkeldiepte) vir 'n tiener van Dewald se ouderdom. Hy sou dus maklik in die water kan staan indien hy in die water val. √

(enige soortgelyke antwoord.) (1) [5]

1.6 Ma het waardering vir bruingebrande en gespierde mans. / Ma het die man bewonder omdat hy goed gebou en bruingebrand was. (enige aanvaarbare antwoord wat daarop dui dat ma die man bewonder het) √

(1) [3]

1.7 Nee,. "Wie?" vra Pa wat tegelyk luister én rugby kyk. √ (1) [3]

1.8

1.8.1 c √

1.8.2 d √

1.8.3 a √

1.8.4 b √ (4) [2]

1.9 Nelson Mandela se dood is aangekondig. √ (1) [2]

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Almal het respek gehad vir hom en was bang dat die toekoms nie dieselfde sonder hom sou wees nie. / Omdat Nelson Mandela ’n belangrike figuur in die totstandkoming van demokrasie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was, het almal gevrees dat dinge sal verander na sy dood. / Mandela het geglo in vrede en sommige het gedink die land sal in ’n bloedbad verander na sy dood√ (1) [4]

**(18)**

1.10 Hy het die eerste dag op Aldi se sitplek gesit in die registerklas en het geweier om te skuif. √

Hy het verhoed dat Aldi ’n graad 8-meisie (Clarissa) boelie. √ (2) [2]

1.11 b) sy is oorgewig en loop soos ’n eend as gevolg van haar gewig (1) [3]

1.12

1.12.1 Sy het haar pa oorreed om te sorg dat Dewald se ma afgedank word. √ Sy wou wraak neem omdat Dewald nie toegelaat het dat sy hom intimideer nie. / Sy wou Dewald seermaak omdat sy nie meer almal kan boelie nie. / Sy was kwaad omdat hy haar in 'n ongunstige lig gestel het en sy haar aansien verloor het √ (enige soortgelyke antwoord.) √ (2) [3]

1.12.2 Dit dui aan dat Aldi spot met Dewald se hakkel-probleem. √ (1) [3]

1.12.3 Dewald se ma het haar werk verloor by die kleuterskool. √ (1) [2]

1.12.4 Persoonlike opinie, byvoorbeeld:

Nee, as sy geweet het dat al haar slagoffers sal begin om haar te boelie, sou sy dit nie gedoen het nie. √ (1) [4]

1.13 Dewald het vir Karlien op die rugbyveld gesoen en een van die leerlingraadslede het hulle gesien en hulle moes voor die hoof verskyn. √ (1) [3]

1.14 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit sou Dewald dalk verder getraumatiseer het as hy 'n swaar straf gekry het.

of

Nee, hulle moes die gewone straf vir die oortreding gekry het/ Almal moet dieselfde straf kry vir 'n oortreding en niemand moet oorgesien word nie anders kan dinge handuit ruk. √

(1) [4]

1.15 Mnr. (Bert) Visser/ die skoolsielkundige. √
Hy het Dewald gehelp om oor sy spraakgebrek te kom en Nicola se dood te aanvaar (te verwerk) √ (2) [3]

1.16 Nicola het selfdood gepleeg, die skok was vir Dewald te erg en hy het begin hakkel.

(1) [2]

1.17 Meneer Visser het hom geleer om met oorfone te praat. √ Toe hy besef dat hy niks kon doen vir Nicola nie (berus het in Nicola se dood) het hy weer normaal begin praat. √ (2) [3]

1.18 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is te veel moeite om 'n glas uit te haal en dan is daar een glas minder om te was.
Nee, dit is onhigiënies om uit die boks te drink en kan veroorsaak dat kieme versprei. √

(1) [5]

1.20 Persoonlike opinie, byvoorbeeld. Ek sal aanbeveel dat alle boeliegedrag as 'n kriminele oortreding aangemeld word by die polisie en dat die boelies in die hof moet verskyn en selfs tronkstraf opgelê moet word vir ernstige oortredings. Dit sal boelies twee keer laat dink voordat hulle weer iemand seermaak. √

(1) [5]

**(17)**

**35 punte**

| vlak 1 en 2 | vlak 3 | vlak 4 e n5 |
|---|---|---|
| 14 punte - 40% | 14 punte - 40% | 7 punte - 20% |

**Bronnelys**

http://www.mieliestronk.com/motte.html

http://www.jorganharris.co.za/portfolio-item/selfdood

https://af.wikipedia.org/wiki/Marion_Erskine

http://www.mieliestronk.com/dooisee.html

*Pharos Verklarende Afrikaanse woordeboek*, Negende hersiene uitgawe, tweede druk, 2011, Kaapstad: NB-uitgewers

*HAT Afrikaanse skoolwoordeboek*, Agtste druk 2016, Kaapstad: CTP-Drukkers

Leesgids deur Marion Erskine

Foto's: Vlerke vir almal, toneelopvoering, Woordfees 2018 (fotograaf: Sonja Olivier)